UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# Fakulteit **Teologie**

Dekaan:

**Prof NN Koopman**

BA, DTh (UWK)

JAARBOEK 2014

DEEL 9

# INHOUDSOPGAWE

**Algemene Inligting ........ 1**

**Fakulteit Teologie ........ 12**

**Programaanbod ........ 18**

**1. PRE-2012 VIERJARIGE BTh-PROGRAM (uitgefaseer vanaf: 2012) ........ 18**

**2. DRIEJARIGE BTh-PROGRAM (ALGEMEEN EN MET SPESIALISASIE IN JEUGWERK) (ingestel: 2012) ........ 21**

**3. VIERJARIGE BDiv-PROGRAM (ingestel: 2012) ........ 30**

**4. VERLENGDE GRAADPROGRAM ........ 37**

**5. NAGRAADSE DIPLOMAS ........ 40**

**5.1 NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE ........ 40**

**5.2 NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE IN CHRISTELIKE BEDIENING ........ 42**

**6. MDiv ........ 44**

**7. MTh ........ 48**

**7.1 MTh GESTRUKTUREERDE PROGRAMME (889-OPSIES) ........ 52**

**7.1.1 MTh IN EKKLESIOLOGIE ........ 52**

**7.1.2 MTh IN MISSIOLOGIE ........ 53**

**7.1.3 MTh IN NUWE TESTAMENT ........ 54**

**7.1.4 MTh IN OU EN NUWE TESTAMENT ........ 55**

**7.1.5 MTh IN OU TESTAMENT ........ 56**

**7.1.6 MTh IN PRAKTIESE TEOLOGIE (Algemeen) ........ 56**

**7.1.7 MTh IN PRAKTIESE TEOLOGIE (Spesialisasie) ........ 57**

*BEDIENINGSPRAKTYK ........ 57*

*JEUGBEDIENING ........ 58*

*KLINIESE PASTORAAT ........ 59*

**7.1.8 MTh IN SISTEMATIESE TEOLOGIE ........ 61**

**7.2 MTh-TESISPROGRAMME (879-OPSIES) ........ 62**

**7.2.1 MTh IN EKKLESIOLOGIE (TESIS) ........ 63**

**7.2.2 MTh IN MISSIOLOGIE (TESIS) ........ 63**

**7.2.3 MTh IN NUWE TESTAMENT (TESIS) ........ 64**

**7.2.4 MTh IN OU TESTAMENT (TESIS) ... 65**
**7.2.5 MTh IN PRAKTIESE TEOLOGIE (Algemeen) (TESIS) ... 65**
**7.2.6 MTh IN PRAKTIESE TEOLOGIE (Spesialisasie) (TESIS) ... 66**
*GEMEENSKAPSONTWIKKELING ... 66*
*JEUGBEDIENING ... 67*
*KLINIESE PASTORAAT – EN MIV-BEDIENING EN -BERADING ... 68*
*PREDIKING ... 69*
**7.2.7 MTh IN SISTEMATIESE TEOLOGIE (TESIS) ... 70**
**8. MPhil-PROGRAMME ... 72**
**8.1 MPhil IN GODSDIENS EN KULTUUR voorafgegaan deur: NG Dip (TEOLOGIE) vir studente in Religie en Kultuur ... 72**
**8.1.1 NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE ... 72**
**8.1.2 MPhil IN GODSDIENS EN KULTUUR ... 73**
**8.2 MPhil IN KAPELAANSTUDIES voorafgegaan deur: NG Dip (KAPELAANSTUDIES) ... 75**
**8.2.1 NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE IN KAPELAANSTUDIES ... 75**
**8.2.2 MPhil IN KAPELAANSTUDIES ... 76**
**9. MEESTERSGRADE IN TEOLOGIE: SAMEWERKING ... 78**
**10. PhD ... 79**
**Vakke, Modules en Module-inhoude ... 82**
**Navorsings- en Diensinstansies ... 127**

# ALGEMENE INLIGTING

## VASTE UITNODIGING AAN ALLE OUDSTUDENTE

Die Registrateur nooi hiermee alle oudstudente van die Universiteit van Stellenbosch hartlik uit om hom skriftelik of per e-pos (info@sun.ac.za) van adresveranderinge te verwittig.

Die Registrateur verneem voorts baie graag van akademiese of ander onderskeidings wat deur oudstudente behaal is, asook die titels van publikasies deur hulle uitgegee.

Die Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens ontvang eweneens met graagte eksemplare van sulke publikasies namens die Universiteitsbiblioteek.

## TAALBELEID EN -PLAN: OPSOMMING

Die amptelike Taalbeleid en -plan van die Universiteit van Stellenbosch is in 2002 deur die Raad van die Universiteit goedgekeur. Die volgende opsomming word verskaf in belang van bondigheid, maar moet gelees word in samehang met, en ondergeskik aan die volledige Taalbeleid en -plan. Die volledige weergawe is beskikbaar by http://www.sun.ac.za/taal.

### A. Taalbeleid

1. Die Universiteit is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in ŉ meertalige konteks. Taal word aan die Universiteit gebruik op ŉ wyse wat gerig is op die omgang met kennis in ŉ diverse samelewing.
2. Die Universiteit erken die besondere status van Afrikaans as akademiese taal en aanvaar ook die verantwoordelikheid om dit te bevorder. Terselfdertyd word rekening gehou met die status van Engels as internasionale kommunikasietaal en isiXhosa as ontluikende akademiese taal.
3. Die Universiteit onderskei tussen die gebruik van die drie tale op die volgende maniere:
   - Afrikaans is voorgraads by verstek die leer- en onderrigtaal terwyl Engels op nagraadse vlak tot ŉ groter mate gebruik word.
   - isiXhosa word bevorder as ontluikende akademiese taal en geleenthede word geskep vir studente en personeel om kommunikasievaardighede in isiXhosa te verwerf.
4. Die institusionele taal van die Universiteit is by verstek Afrikaans, met Engels wat na gelang van omstandighede ook as interne kommunikasietaal gebruik word. Al drie tale word, waar doenlik, vir eksterne kommunikasie gebruik.

### B. Taalplan

1. Die Taalplan onderskei tussen die implementering van die beleid in leer- en onderrigsituasies en in die ondersteuningsdienste en bestuur.
2. In die leer- en onderrigsituasies word keuses uitgeoefen vir verskillende taalopsies na gelang van die taalvermoë van die dosent en die samestelling van die studente en die

program. Hierdie taalopsies word in ŉ hiërargie geplaas en ŉ motivering moet voorgelê word indien die verstekopsie nie gevolg word nie (kyk punt 4 vir besonderhede).

Die Universiteit kan, in buitengewone en dwingende omstandighede, afwyk van die taalspesifikasie van ŉ module of program, met dien verstande dat enige sodanige afwyking na elke semester hersien moet word ten einde te bepaal of die voortsetting daarvan steeds regverdigbaar is. Die dekane hanteer hierdie proses en doen verslag daaroor aan die Uitvoerende Komitee (Senaat). Die Taalkomitee moet ingelig word oor alle sodanige afwykings en moet die geleentheid kry om navraag daaroor te doen, indien nodig.

3. Daar is drie algemene riglyne wat geld t.o.v. die taal van leer en onderrig in die klas:
   - Taalonderrigmodules vind hoofsaaklik in die doeltaal plaas (bv. isiXhosa word hoofsaaklik onderrig in isiXhosa, Mandaryns in Mandaryns) en opdragte, toetse en eksamens word dienooreenkomstig opgestel en beantwoord.
   - In alle ander modules word vraestelle in Afrikaans en Engels opgestel en die student mag in Afrikaans of Engels antwoord.
   - Tensy taalverwerwing of taalstudie die doel van ŉ module is, kan studente vrae vra en antwoorde verwag in Afrikaans of Engels.
4. Die verskillende taalspesifikasies word as volg deur departemente uitgeoefen en geïmplementeer (bg. drie punte geld deurgaans vir alle opsies):

## A-spesifikasie*

*Rasionaal*

Die A spesifikasie geld as verstek vir alle voorgraadse modules. Dit beteken dat geen motivering aangebied hoef te word vir die uitoefening van hierdie opsie nie.

*Kenmerke*

- Onderrig is hoofsaaklik in Afrikaans.
- Studiemateriaal (handboeke, notas, transparante, elektroniese leer- en onderrigmateriaal) kan in Afrikaans en/of Engels wees.
- Studieraamwerk is in Afrikaans en Engels.

## T-spesifikasie (tweetalige klasse) *

*Rasionaal*

Word gebruik vir klasse waar

- studente se taalvaardighede meer gebruik van Engels noodsaak
- ŉ program aangebied word wat uniek is tot die Universiteit
- meertaligheid belangrik is in die konteks van ŉ spesifieke beroep
- die dosent nog nie Afrikaans voldoende beheer nie.

*Kenmerke*

- Onderrig is vir ten minste 50% van die tyd in Afrikaans.
- Handboeke en leeswerk is in Afrikaans en/of Engels.
- Studienotas, transparante en elektroniese leer- en onderrigmateriaal is volledig in Afrikaans en Engels of afwisselend in Afrikaans en Engels.

**E-spesifikasie (hoofsaaklik Engels as onderrigmedium)**

*Rasionaal*

Word by hoë uitsondering gebruik vir

- unieke programme in Suid-Afrika
- programme waar studente nie voldoende akademiese taalvaardighede het nie (buitelandse of Engelssprekende studente)
- modules waar die dosent nie Afrikaans magtig is nie
- streeksamewerking en strategiese doelwitte wat Engels noodsaak.

*Kenmerke*

- Onderrig is primêr in Engels.
- Handboeke en leeswerk is in Afrikaans en/of Engels.
- Notas is in Engels met kernnotas in Afrikaans.
- Transparante, elektroniese leer- en onderrigmateriaal is in Engels.

**A & E-spesifikasie (afsonderlike 'strome' in Afrikaans en Engels)**

*Rasionaal*

Word by hoogste uitsondering gebruik wanneer akademies en finansieel verantwoordbaar en haalbaar vir

- modules met ŉ groot getal studente
- streeksamewerking en strategiese doelwitte
- programme wat met satelliettegnologie of interaktiewe telematiese onderwys aangebied word.

*Kenmerke*

Die kenmerke van die A- en E-opsies geld onderskeidelik hier.

* Vir beide hierdie opsies is akademiese taalvaardigheid in Afrikaans en Engels noodsaaklik vir suksesvolle studie.

5. In die ondersteuningsdienste en bestuur is die taal van kommunikasie by verstek Afrikaans en alle amptelike dokumente van die Universiteit is in Afrikaans beskikbaar.

‘By verstek’ beteken egter nie ‘uitsluitlik’ nie, en belangrike beleidsdokumente is daarom in Engels beskikbaar en kommunikasie met personeel vind ook in Engels plaas. Riglyne word neergelê vir die taal van vergaderings. Dokumente wat verband hou met diensvoorwaardes van personeel is beskikbaar in Afrikaans, Engels en isiXhosa.

6. Skriftelike kommunikasie met studente vind plaas in Afrikaans en Engels en werwing vind, waar moontlik, ook in isiXhosa plaas. Mondelinge kommunikasie vind in Afrikaans of Engels volgens die voorkeurtaal van die student plaas.
7. Die korporatiewe beeld van die Universiteit weerspieël die Taalbeleid en -plan.
8. ʼn Taalkomitee word deur die Raad aangewys om die Taalbeleid en -plan uit te voer.
9. Die Taalsentrum aanvaar die verantwoordelikheid vir die verskaffing en/of koördinering van die tersaaklike taalondersteuning wat vir die effektiewe uitvoering van die Taalbeleid en -plan vereis word.

**LET WEL:**

ʼn Verdere verduideliking van die taalspesifikasies en die taalspesifikasie van individuele modules word onder die afdeling Vakke, Modules en Module-inhoude aangetref.

## GEDRAGSKODE VIR TAAL IN DIE KLASKAMER

Hierdie Gedragskode is opgestel met die doel om praktiese riglyne te verskaf ten opsigte van die verstaan en toepassing van die US se Taalbeleid en -plan wat reeds in 2002 deur die Universiteitsraad aanvaar is. Dit is vir die Raad belangrik dat die US se Taalbeleid en -plan met integriteit toegepas word. Die Kode word aangebied as ʼn meganisme wat kan help om moontlike probleme of onduidelikhede op ʼn konstruktiewe wyse te hanteer.

Die kernbeginsel wat die daaglikse omgang met taal op die kampus rig, is dat alle personeel, studente en kliënte van die Universiteit die verantwoordelikheid en verwagting sal hê dat taalkwessies en -dispute in ʼn gees van samewerking en ʼn soeke na werkbaarheid aangepak en hanteer sal word.

In die Gedragskode word ʼn onderskeid getref tussen die verantwoordelikhede en verwagtinge van dosente en studente. Die normale prosedures geld vir akademiese klagtes oor taalkwessies.

Die Taalbeleid en -plan stel die minimum taalvereistes vir studente wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer (Taalplan 2002:5).

Studente wat ʼn A-module of T-module volg, benodig oor die algemeen akademiese taalvaardigheid in sowel Afrikaans as Engels vir effektiewe studie op voorgraadse vlak. In nagraadse studie word ʼn hoër vlak van akademiese taalvaardigheid in Afrikaans en/of Engels vereis.

Ten opsigte van dosente, veral wat betref hul verpligtinge om werkopdragte, toetse en vraestelle in Engels en Afrikaans op te stel en te assesseer, word daar verwag dat hulle binne ʼn redelike tydperk vanaf hul aanstelling, genoeg reseptiewe vaardighede (luister en lees) ʼn

Afrikaans en Engels sal ontwikkel om klasbesprekings te volg, opdragte en eksamenvrae in albei tale op te stel, en die antwoorde van studente in albei tale te verstaan.

Dit moet hulle ook in staat stel om oor die ekwivalensie van vertalings te oordeel en antwoorde in Afrikaans en Engels regverdig te beoordeel.

## Dosente se verantwoordelikhede

Dosente het die verantwoordelikheid om –

1. die taalspesifikasie van ŉ gedoseerde module uit te voer, in ooreenstemming met die voorskrifte van die Taalplan (kyk veral par. 3 van die Taalplan).
2. die taalspesifikasies na gelang van omstandighede (nuwe handboeke, ander dosente) te hersien en aan te pas soos nodig.
3. die keuses en alternatiewe waarvoor die taalspesifikasie voorsiening maak aan die begin van die onderrig van ŉ module kortliks aan studente bekend te maak, mondeling en in die moduleraamwerk.
4. te verseker dat vrae in werkopdragte, toetse en eksamens presies dieselfde inhoud in Engels en Afrikaans het.
5. voldoende taalvaardigheid te ontwikkel om werkopdragte, toetse en eksamens in Afrikaans en Engels te kan nasien, of andersins bevredigende reëlings te tref dat dit plaasvind.
6. te verseker dat, in ooreenstemming met die riglyne vir die T-opsie (kyk 3.3.1.2 van die Taalplan), studente se taalvaardighede in Afrikaans en Engels genoegsaam ontwikkel en die nodige maatreëls in plek gestel word om Afrikaanse en Engelse vaktaalvaardigheid te verseker.
7. te alle tye daarna te streef om hoflik en akkommoderend op te tree wanneer situasies hanteer moet word wat met taalgebruik te make het (bv. wanneer vrae in die klas in Engels gevra word as die taalspesifikasie van die module A is).

## Dosente se verwagtinge

Dosente kan van studente verwag dat –

1. hulle kennis sal neem van die eienskappe van die taalspesifikasie soos van toepassing in die spesifikasie wat vir ŉ module geld (kyk par. 3, Taalplan).
2. hulle so vroeg moontlik die dosent in kennis sal stel van hul behoeftes ten opsigte van akademiese taalvaardigheid.
3. hulle die gees van die Taalbeleid en -plan, veral ten opsigte van die ontwikkeling van vaardighede in ŉ taal wat nie hul voorkeurtaal is nie, sal respekteer deur doelbewus aandag te skenk, aktief deel te neem in die klas en mee te werk aan hul kennis van vakterminologie en vakdiskoers in albei tale. Hierdie verwagting geld veral ten opsigte van die T-spesifikasie vir modules.

### Studente se verantwoordelikhede

Studente moet die verantwoordelikheid neem om –

1. hulle te vergewis van die taalopsies vir elke module en veral van die implikasies daarvan, bv. dat vertalings in sommige omstandighede nie beskikbaar sal wees nie.
2. eerlik en openhartig te wees omtrent hul taalvaardighede en die verantwoordelikheid vir vroegtydige en gepaste optrede te neem indien hulle probleme ondervind.
3. doelbewus die reseptiewe vaardighede (luister en lees) in die nie-voorkeurtaal van leer en onderrig deur aktiewe deelname in die klas te ontwikkel.
4. die voorgeskrewe materiaal (veral handboeke) te koop en te gebruik om hul taalvaardigheid in die vak te verbeter.
5. hoflik en akkommoderend te wees en op te tree in situasies waar taalgebruik ŉ kwessie is, bv. ten opsigte van die probleme van die minderheidstaalgroep in ŉ klas.
6. te aanvaar dat (ŉ) enkele student(e), vanweë tekortkominge in sy/hul taalvaardigheid, nie ŉ vetoreg ten opsigte van die gebruik van Afrikaans of Engels in die klassituasie mag (probeer) uitoefen nie.

### Studente se verwagtinge

Studente kan verwag dat –

1. hulp in taalvaardigheidsontwikkeling verskaf sal word indien hul akademiese taalvaardigheid in Afrikaans en/of Engels onvoldoende is.
2. hulle vrae kan vra en besprekings kan voer in Afrikaans of Engels (tensy ander tale, soos in taalmodules, vereis word), met inagneming van mekaar en die dosent se taalvaardighede.
3. Afrikaanse en Engelse weergawes van werkopdragte en vraestelle beskikbaar sal wees en dat dit dieselfde inhoud sal hê.
4. daar sensitiwiteit sal wees vir taalprobleme, sodat taalfoute wat in eksamensituasies begaan word, met diskresie beoordeel sal word.

## NIE-RASSIGHEID

Die Universiteit van Stellenbosch laat studente van enige ras, kleur, nasionaliteit of etniese herkoms toe tot al die regte, voorregte, programme en aktiwiteite wat in die algemeen aan studente van die Universiteit verleen of beskikbaar gestel word. Die Universiteit diskrimineer nie op grond van ras, kleur, nasionaliteit of etniese herkoms by die uitvoering van sy opvoedkundige beleid, sy beurs- en leningsprogramme, of sy sportprogramme nie.

**LET WEL:**

1. In hierdie publikasie sluit woorde wat die manlike geslag aandui die vroulike geslag in, tensy die samehang van die woorde uitdruklik die teendeel aandui of daarmee strydig is.
2. Studente moet, voordat hulle finaal besluit oor hul keuse van modules wat in ŉ spesifieke akademiese jaar gevolg gaan word , die klas-, toets- en eksamenroosters sorgvuldig nagaan. Waar dit dan blyk dat enige twee voorgenome modules binne dieselfde tydgleuf op ŉ spesifieke rooster val, mag die twee modules nie saam gevolg word nie.
3. Die Universiteit behou hom die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die Jaarboek aan te bring. Die Raad en die Senaat van die Universiteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat in die inhoud van die Jaarboek mag voorkom nie. Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Jaarboek die tersaaklike inligting wat met die ter perse gaan beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee.
4. Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Studente word versoek om hulle te vergewis van die eksamen- en promosiebepalings in die hoofstuk oor Universiteitseksamens in Deel 1 van die Jaarboek.

## JAARBOEKVERDELING

Gerieflikheidshalwe is die Jaarboek in die volgende dele verdeel:

| | |
|---|---|
| Algemeen | Deel 1 |
| Beurse en Lenings | Deel 2 |
| Studentegelde | Deel 3 |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | Deel 4 |
| Natuurwetenskappe | Deel 5 |
| Opvoedkunde | Deel 6 |
| AgriWetenskappe | Deel 7 |
| Regsgeleerdheid | Deel 8 |
| Teologie | Deel 9 |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Deel 10 |
| Ingenieurswese | Deel 11 |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | Deel 12 |
| Krygskunde | Deel 13 |

Afrikaanse (Deel 1 - 12) en Engelse kopieë van die afsonderlike dele is op aanvraag by die Registrateur verkrygbaar.

# KOMMUNIKASIE MET DIE UNIVERSITEIT

## Studentenommer

By die hantering van nuwe formele aansoeke ken die Universiteit aan elke aansoeker ŉ nommer toe. Die nommer dien as unieke identifikasie van die betrokke individu om toekomstige kommunikasie te vergemaklik.

In die Universiteit se "taal" noem ons hierdie nommer u studentenommer. Die blote toekenning van so ŉ studentenommer impliseer egter nie dat die aansoeker finaal aanvaar is vir die gevraagde studieprogram nie. Vir aanvaarding al dan nie word aparte briewe uitgestuur.

Wanneer u studentenommer aan u bekend gemaak is, moet u dit asseblief in alle toekomstige korrespondensie met die Universiteit vermeld.

## Adresse van die Sentrale Administrasie

Korrespondensie in verband met akademiese aangeleenthede, d.w.s. studie-aangeleenthede, beurse en lenings, ens., asook koshuisplasings, moet gerig word aan:

Die Registrateur

Universiteit van Stellenbosch

Privaat Sak X1

MATIELAND

7602

Korrespondensie in verband met finansiële en dienste-aangeleenthede, insluitend diensaspekte van koshuise, moet gerig word aan:

Die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies

Universiteit van Stellenbosch

Privaat Sak X1

MATIELAND

7602

## Ander amptelike adresse

Die DekaanFakulteit Teologie

Universiteit van Stellenbosch

Dorpstraat 171

Privaat Sak X1

Matieland

7602

Afdeling Studentesake (Nie-akademiese sake)Neelsie
Privaat Sak X1
Matieland
7602

## BELANGRIKE TELEFOON- EN FAKSNOMMERS

Vir afdelings wat nie hieronder gelys word nie, skakel die Universiteit van Stellenbosch Kontaksentrum op die Stellenboschkampus by 021 808 9111, met faksnommer 021 808 3822 en e-pos info@sun.ac.za.

| **Fakulteit Teologie** | **Telefoon** | **Faks** |
|---|---|---|
| Dekaan | (021) 808 3254 | (021) 808 3251 |
| Navrae | (021) 808 3255 | (021) 808 3251 |
| Fakulteitsekretaris | (021) 808 4850 | (021) 808 3822 |
| Die Predikant in Sinodale Diens vir Teologiese Opleiding, NG Kerk | (021) 887 6819 | |
| Die Scriba, Kuratorium VGKSA | (021) 808 4269 | |

| **Groot eenhede volgens kampus** | | |
|---|---|---|
| Telematiese Dienste (Stellenbosch) | (021) 808 3563 | (021) 808 3565 |
| Biblioteek (= JS Gericke) (Stellenbosch) | (021) 808 4385 / (021) 808 4883 | (021) 808 4336 |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Fakulteit (Tygerberg) | (021) 938 9111 | (021) 931 7810 |
| Krygskunde, Fakulteit (Saldanha) | (022) 702 3999 | (022) 814 3824 |
| Nagraadse Bestuurskool (Bellvillepark) | (021) 918 4111 | (021) 918 4112 |
| Skool vir Publieke Leierskap (Bellvillepark) | (021) 918 4122 | (021) 918 4123 |

| **Ander eenhede** | | |
|---|---|---|
| Beurse (Nagraadse kandidate) | (021) 808 4208 | (021) 808 2739 |
| Beurse en Lenings (Voorgraadse | (021) 808 9111 | (021) 808 2954 |

| | | |
|---|---|---|
| kandidate) | | |
| Eksamens | (021) 808 9111 | (021) 808 3822 |
| Kommunikasie en Skakeling | (021) 808 4633 | (021) 808 3800 |
| Nagraadse en Internasionale Kantoor | (021) 808 4628 | (021) 808 3799 |
| Navorsingsontwikkeling | (021) 808 4914 | (021) 808 4537 |
| Ontwikkeling en Alumniverhoudings | (021) 808 4020 | (021) 808 3026 |
| Sentrum vir Onderrig en Leer (Verlengde Graadprogramme) | (021) 808 3717 | (021) 808 4142 |
| Sentrum vir Studentegemeenskappe | (021) 808 2848 | (021) 808 2847 |
| Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling | (021) 808 3894 | (021) 808 4706 |

| **Fakulteitsekretarisse** | | |
|---|---|---|
| AgriWetenskappe | (021) 808 4833 | (021) 808 3822 |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | (021) 808 4837 | (021) 808 3822 |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe: Aansoeke, Stellenbosch | (021) 808 9111 | (021) 808 3822 |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe: Tygerbergkampus | (021) 938 9204 | (021) 931 7810 |
| Ingenieurswese | (021) 808 4835 | (021) 808 3822 |
| Krygskunde | (021) 808 4835 | (021) 808 3822 |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | (021) 808 4840 | (021) 808 3822 |
| Natuurwetenskappe | (021) 808 4832 | (021) 808 3822 |
| Opvoedkunde | (021) 808 4831 | (021) 808 3822 |
| Regsgeleerdheid | (021) 808 4850 | (021) 808 3822 |
| Teologie | (021) 808 4850 | (021) 808 3822 |

## REGLEMENT VIR DEKAANSVERGUNNINGSEKSAMENS (DVE'S)

1. ŉ Finalejaarstudent wat, nadat hy alle eksamens afgelê het en alle prestasiepunte beskikbaar is, een module met ŉ maksimum van 36 krediete of die kredietwaarde wat individuele fakulteite in hoogs uitsonderlike gevalle toelaat, kort ten einde sy graad te verwerf, kan deur die Dekaan as vergunning tot ŉ DVE toegelaat word in konsultasie met die betrokke akademiese departement, onderhewig aan die bepalings in paragraaf 2 hieronder.
2. Waar ŉ student reeds ná die eerste eksamengeleentheid (Junie of November) vir ŉ DVE in ŉ eksamenmodule kwalifiseer, sal sodanige DVE gedurende die tweede eksamengeleentheid (Desember of Januarie) afgelê word. Die fakulteitsekretaris sal die betrokke departement(e) dienooreenkomstig in kennis stel, maar dit bly die betrokke student se verantwoordelikheid om homself as ŉ DVE-kandidaat te identifiseer en die nodige klaring te kry om by die tweede geleentheid aan te meld. Indien die student weer die module sak, sal geen verdere DVE toegestaan word nie.
3. Waar ŉ student egter eers ná die tweede eksamengeleentheid (Desember of Januarie) vir ŉ DVE toegelaat word, sal sodanige DVE op ŉ geskeduleerde tyd tydens die laaste week van Februarie afgelê word.
4. Ten opsigte van paragraaf 3 hierbo, sal fakulteitsekretarisse die studente identifiseer en die name via die dekaanskantore aan die departemente verskaf. Die onus rus op studente wat vir ŉ dekaansvergunningseksamen mag kwalifiseer, om betyds met die fakulteitsekretaris te skakel oor moontlike toelating tot die dekaansvergunningseksamen. Toegelate studente moet aanmeld vir die eksamen, wat departementeel afgeneem word.
5. DVE's in modules wat van deurlopende assessering gebruik maak, sal op dieselfde tydstip vermeld in paragraaf 3 hierbo afgelê word, ingevolge die prosedures neergelê in paragraaf 4 hierbo.
6. Studente aan wie ŉ DVE toegestaan word, moet hulle van die tyd en plek van die betrokke DVE vergewis en daar aanmeld.
7. Dekaansvergunningseksamens word slegs met goedkeuring van die Dekaan toegestaan. Departemente moet onder geen omstandighede self dekaansvergunningseksamens aan studente toestaan nie. Geen dosent kan ŉ onderneming aan ŉ student hieroor maak nie.

# FAKULTEIT TEOLOGIE

## 1. AKADEMIESE AANBOD

Die Fakulteit Teologie bied programme aan met die oog op opleiding vir kerklike bediening in verskillende denominasies. Denominasies wat ŉ ooreenkoms met die Universiteit het met die oog op die opleiding van studente vir die bediening, dien in ŉ Kerklike Skakelraad. Die Fakulteit raadpleeg hierdie Skakelraad oor die aard en inhoud van die betrokke programme.

Die volgende programme kan gevolg word:

**Baccalaureus in die Teologie (BTh).** Daar moet ŉ onderskeid getref word tussen die pre-2012 vierjarige BTh (met of sonder grondtale) wat tot in 2011 vanaf die eerstejaar van die program aangebied is en na 2014 nie meer aangebied word nie en die driejarige BTh (sonder grondtale) wat vanaf 2012 aangebied word.

**Baccalaureus Divinitatis (BDiv).** Hierdie vierjarige teologiese graadprogram stem met die pre-2012 BTh (met grondtale) ooreen en word vanaf 2012 aangebied. In 2012 en 2013 is BDiv I en BDiv II onderskeidelik ingestel. In 2014 word BDiv III vir die eerste keer aangebied en in 2015 BDiv IV.

**Nagraadse Diploma in Teologie** – NG Dip (Teologie)

**Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening** – NG Dip (Teologie) (Christelike Bediening)

**Magister Divinitatis** (MDiv)

**Magister in die Teologie** (MTh)

**MPhil in Godsdiens en Kultuur, voorafgegaan deur:**

- **Nagraadse Diploma in Teologie (vir studente in Godsdiens en Kultuur)**

**MPhil in Kapelaanstudies** (in samewerking met die Militêre Akademie), **voorafgegaan deur:**

- **Nagraadse Diploma in Teologie in Kapelaanstudies** – NG Dip (Teologie) (Kapelaanstudies)

*(Vanaf 2014 word geen nuwe studente vir die programme NG Dip (Teol) (Kapelaanstudies) en MPhil in Kapelaanstudies toegelaat nie.)*

**Doktor in die Filosofie (PhD)**

## 2. VOORGRAADSE-INSKRYWINGSBESTUUR

Ten einde die Raadsteikens ten opsigte van die *grootte* (die totale getal studente) en *vorm* (studierigtings en diversiteitsprofiel) van die Universiteit Stellenbosch (US) se studentebevolking te kan bereik, is dit nodig om die voorgraadse inskrywings aan die US te bestuur.

Die US se totale getal inskrywings word bestuur om in te pas binne die beskikbare kapasiteit.

Die US bied ŉ gebalanseerde pakket programme aan wat strek oor al drie hoofstudievelde, naamlik (a) die humaniora, (b) die ekonomiese en bestuurswetenskappe, en (c) die natuurwetenskappe, landbouwetenskappe, gesondheidswetenskappe en ingenieurswese (Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie / *Science, Engineering and Technology* of *SET*).

Die US is verbind tot die bevordering van diversiteit.

Voorgraadse-inskrywingsbestuur aan die US geskied binne die raamwerk van die nasionale hoëronderwysstelsel. ŉ Verantwoorde samehang tussen nasionale en institusionele doelwitte met respek vir belangrike beginsels soos institusionele outonomiteit, akademiese vryheid en openbare verantwoordelikheid word nagestreef. Die volgende vertrekpunte is van toepassing:

- Die uitbouing van akademiese uitnemendheid deur die handhawing van hoë akademiese standaarde.
- Die handhawing en verbetering van hoë sukseskoerse.
- Die nakoming van die US se verbintenis tot regstelling, tot sosiale verantwoordelikheid, en lewering van ŉ bydrae tot die opleiding van toekomstige rolmodelle uit alle bevolkingsgroepe.
- Die verbreding van toegang tot hoër onderwys veral aan studente uit onderwysbenadeelde en ekonomies behoeftige omstandighede wat oor die akademiese potensiaal beskik om suksesvol aan die US te studeer.

As gevolg van die beperkte beskikbaarheid van plekke en die strategiese en doelgerigte bestuur van inskrywings sal nie alle voorgraadse aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes van ŉ betrokke program voldoen, noodwendig toegelaat word nie.

Besonderhede oor die keuringsprosedures en toelatingsvereistes vir voorgraadse programme is by www.maties.com en op die Fakulteit se webblad by http://www.sun.ac.za/teologie beskikbaar.

Alle voornemende voorgraadse studente moet die Nasionale Normtoets (NNT) (*Engelse Benaming: National Benchmarking Test* of *NBT*) skryf. Raadpleeg die NBT-webblad (www.nbt.ac.za) of die US se webblad (www.maties.com) vir meer inligting oor die Nasionale Normtoetse.

Die uitslae van die Nasionale Normtoetse kan deur die US vir die volgende doeleindes gebruik word (besonderhede is beskikbaar by www.maties.com):

- ondersteuning met die besluitneming oor die plasing van studente in verlengde graadprogramme,
- keuring, en
- kurrikulumontwikkeling.

## 3. VERLENGDE GRAADPROGRAM

Studente volg ŉ akademiese ontwikkelingsprogram in die vorm van die Verlengde Graadprogram wat vir die Fakulteit goedgekeur is.

Alle studente wat ŉ NSS-gemiddeld van tussen 50 en 55% behaal, sal op die Verlengde Graadprogram (VGP) geplaas word met die moontlikheid om, op grond van akademiese prestasie en op aanbeveling van die Dekaan, na voltooiing van die eerste semester oor te skakel na die hoofstroomprogram. Die vroeë waarskuwingstoetse kan as ŉ volgende rondte van oorweging met die oog op moontlike verwysing na die VGP funksioneer. Die Fakulteit Teologie se Leer- en Onderrigkomitee sal in hierdie opsig ŉ aanbeveling maak.

## 4. KEURING MET DIE OOG OP BEDIENING

Voornemende evangeliedienaars van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en van die Nederduits Gereformeerde Kerk en ander kerke wat hulle opleiding aan die Universiteit ontvang, moet hulle by die aanvang van hulle studie by die Skriba van die betrokke kerklike Kuratorium aanmeld met die oog op keuring vir die bediening. Studente wat hulle studie onderbreek het en dit weer wil voortsit met die oog op toelating tot die bediening moet, voordat hulle aansoek doen om hertoelating tot die Universiteit, hulle by die Skriba van die betrokke kerklike Kuratorium/kommissie aanmeld met die oog op voortsetting van hulle studie.

## 5. BESONDERE BEPALINGS IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE

Benewens die algemene eksamen- en promosiebepalings soos uiteengesit in die Algemene Bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek, moet studente hulle vergewis van die besondere bepalings wat op elke program in die Fakulteit Teologie betrekking het.

Studente moet hulle verder vergewis van watter vereiste(s) t.o.v. slaagvoorvereistes (S), voorvereistes (V) en newevereistes (N) vir elke module gestel word. Die besonderhede word by die beskrywings van die modules (onder Vakke, Modules en Module-inhoude) voorsien.

## 6. VERLENING VAN KREDIET(E) VIR GEVORDERDE PLASING

6.1 Basiese uitgangspunte:

- slegs krediete van geakkrediteerde SA HOIs of buitelandse HOIs wat gereken word om aan SA akkreditasievereistes en –standaarde te voldoen, kan in ag geneem word; en
- slegs krediete wat op die toepaslike NKR vlak verwerf is kan oorweeg word; en
- aard en omvang van modules / kwalifikasie sal bepalend wees vir kredietverlening; en
- matrikulasievrystelling moet in orde wees vir gevorderde plasing in BTh of BDiv programme.

**LET WEL:** Krediete elders/voorheen verwerf kan nie vir beide toelating sowel as gevorderde plasing verwerf word nie.

6.2 Ten minste helfte van US kwalifikasie se krediete en ten minste helfte van finale jaar krediete moet voltooi word om US kwalifikasie te behaal (volgens statutêre bepaling en US regulasies) – dus:

- Studente wat vir (driejarige) BTh om gevorderde plasing aansoek doen, kan hoogstens by BTh II inskakel.
- Studente wat vir (vierjarige) BDiv om gevorderde plasing aansoek doen, *en indien grondtale ten minste op die ekwivalent van US se Grieks I en Hebreeus I is,* kan hoogstens by BDiv III inskakel.

6.3 Waar grondtale uitstaande is ten tyde van toelating met gevorderde plasing in (vierjarige) BDiv, kan studente hoogstens inskakel by die tweede jaar van die kurrikulum; en,

- beide Grieks I en Hebreeus I moet tydens die BDiv-tweedejaar suksesvol voltooi word alvorens die student vir BDiv derdejaars-modules in Ou Testament en Nuwe Testament kan registreer.
- studente kan wel voordat hulle die tale verwerf het, vir ander derdejaars modules registreer in soverre hulle aan daardie modules se voorvereistes voldoen het.

6.4 Vir BDiv-studente in situasie 6.3 beskryf, word die Dekaan se toestemming (in oorleg met die Programkomiteevoorsitter) benodig om (slegs) tydens hul tweede jaar die tutoriale van Ou Testament II- en Nuwe Testament II-modules vir BTh studente te volg en ook aan die ooreenstemmende assesserings deel te neem.

## 7. VOORTSETTING EN AFHANDELING VAN MODULES EN PROGRAMME

7.1 Studente kan, afhangende van die klas- en eksamenroosters, voortgaan met die studie van enige module waarin hulle geslaag het, mits hulle voldoen aan die voor-, newe- en slaagvoorvereistes wat t.o.v. die betrokke module gestel word.

7.2 Studente kan by die Fakulteitsekretaris (wat met die Fakulteitsbestuurder en Programkomiteevoorsitter kan konsulteer) om ŉ *vergunning* aansoek doen om tot en met ŉ maksimum van 32 krediete (maksimaal 16 krediete per semester) uit ŉ vorige jaargang van ŉ module te volg, met dien verstande dat die vergunning

(i) geen klas/toets/eksamen-rooster botsings meebring nie, en

(ii) nie meer as 16 krediete in dieselfde vak betref nie.

- In geval van (i) en/of (ii) moet die gesakte module (en nie die opvolgende jaargang se module nie) gevolg word.

7.3 Hierdie besluit loop saam met die besluit dat ŉ student te enige tyd maksimaal 32 krediete per jaar méér as die voorgeskrewe maksimum aantal krediete vir die betrokke jaargang mag registreer.

## 8. GELYKTYDIGE INSKRYWING VIR MEER AS EEN PROGRAM

Studente wat ŉ program in die Fakulteit Teologie volg, kan op skriftelike aansoek deur die Senaat toegelaat word om vir die honneurs-, magister- of doktorale program in ŉ ander fakulteit (aan hierdie Universiteit) in te skryf.

## 9. SPESIALE STUDENTE: BUITENGEWONE KATEGORIEË VAN STUDENTE IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE

Buitengewone studente in die Teologie registreer as spesiale studente.

ŉ Spesiale student is ŉ student wat nie die program vir ŉ graad of diploma wil volg nie, of wat nie voldoen aan die toelatingsvereistes vir ŉ program nie. So ŉ student moet vir minstens een module registreer en minstens een module slaag om verder as spesiale student toegelaat te word. (Kyk ook Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek, "Toelating as Spesiale Student".)

## 10. DUITSE LEESKENNIS

Met die oog op voorgeskrewe werk tydens die aanvanklike Teologie-studie (BTh, BDiv en MDiv) en daarna word studente sterk aangeraai om ŉ leeskennis van Duits te bekom, desnoods deur Duits 178 te volg teen die betaling van die voorgeskrewe addisionele klasgeld.

## 11. REKENAARVAARDIGHEID

Met die oog op toenemende gebruikmaking van die rekenaar en woordverwerker in gemeentewerk word voornemende evangeliedienaars verplig om tydens die BTh- en BDiv-programme ook vir die module Inligtingsvaardighede 172(6) in te skryf.

## 12. STUDENTEVERTEENWOORDIGING

Alle ingeskrewe studente van die Fakulteit Teologie is lede van die Teologiese Studentevereniging. Hierdie vereniging word bestuur deur die Teologiese Studentekomitee (TSK). Die komitee bestaan uit ŉ verkose dagbestuur van nege lede, met ondersteuning vanaf klasverteenwoordigers uit elke jaargroep. Die TSK is geaffilieer by die Studenteraad van die Universiteit Stellenbosch en het ook twee verteenwoordigers op die Akademiese Belangeraad (ABR). Lede van die TSK het sitting in die Fakulteitsraad en fakulteitskomitees, naamlik die Programkomitee, Bedryfskomitee, Coram Deo en Gemeenskapsinteraksiekomitee. Hulle het ook sitting in die verskeie Taakgroepe vir Leer en Onderrig (TGLO). Die TSK bestuur die finansies en hanteer akademiese klagtes van studente binne die Fakulteit Teologie en is dus nie verbonde aan ŉ spesifieke kerklike

denominasie nie. Die TSK verteenwoordig studente se belange en koördineer studenteprojekte.

Meer besonderhede kan verkry word by:

Die Voorsitter

Teologiese Studentekomitee

Fakulteit Teologie

Universiteit van Stellenbosch

Dorpstraat 171

Stellenbosch 7600

Webtuiste: www.sun.ac.za/teologie/tsc

E-pos: tsktsc@sun.ac.za

Tel.: (021) 808 3255;  Faks: (021) 808 3251

# PROGRAMAANBOD

## VOORGRAADSE PROGRAMME

## BACCALAREUSGRADE

### 1. PRE-2012 VIERJARIGE BTh-PROGRAM (uitgefaseer vanaf: 2012): Slegs Vierde jaar

Geen nuwe inskrywings word vanaf 2012 in die pre-2012 vierjarige BTh-program aanvaar nie. Slegs vierdejaarstudente, wie oorspronklik vir die program ingeskryf het, sal toegelaat word om dit te voltooi.

*Teikenpubliek*

Die program wil akademiese toerusting bied aan persone wat geroepe is vir die gemeentelike bediening en hulle op professionele vlak daarvoor wil kwalifiseer. Hierdie is persone wat hulle wil voorberei vir die kerklike bediening om as Christelike leiers in die samelewing op te tree en hulp aan mense in nood te verleen. Die aanbod in terme van die keusemodules vir die pre-2012 vierjarige BTh-program (sonder grondtale) word uitgebrei met Jeugwerk- en verwante modules.

*Programspesifieke uitkomste*

Begrip van die Christelike aard van die Teologie (Christelike spiritualiteit)

Begrip van die beginsels en teorie van ŉ teologiese hermeneutiek

Begrip van die eiesoortige aard en funksionering van die kerk

Begrip van die unieke konteks van die gemeentelike bediening

Die aanleer van kommunikasievaardighede van die Evangelie

*Programstruktuur*

Die pre-2012 vierjarige BTh-program word voltyds aangebied en word vanaf 2012 uitgefaseer met geen inname van eerstejaarstudente nie. Die program is in twee bane verdeel. Die een baan fokus op die grondtale (Bybelse Hebreeus en Grieks), terwyl die ander baan sonder die grondtale funksioneer en ŉ breër aanbieding binne die Ou- en Nuwe-Testamentiese Teologie en Teologiese Hermeneutiek moontlik maak. Hierdie baan maak ook voorsiening vir keusemoontlikhede in ander nie-teologiese dissiplines wat relevant is vir die opleiding van Christelike leiers, hulpverleners en gemeentebedienaars.

Studente moet hulle vergewis van die vereistes ten opsigte van die Bybeltale wat deur hulle betrokke denominasie gestel word.

*Baan met grondtale*

Vierde jaar: 126 krediete vanuit Teologie.

Die baan met grondtale behels 24 krediete elk in Bybelse Hebreeus en Grieks op eerstejaarvlak indien twee standaardmodules vereis word. Sou drie standaardmodules in elk van die grondtale vereis word, moet 16 krediete elk in Bybelse Hebreeus en Grieks op tweedejaarvlak geneem word. Indien vier standaardmodules in die grondtale as minimum geld, moet daar ŉ addisionele 16 krediete in elk van die grondtale gedurende of na die tweede jaar geneem word.

### *Baan sonder grondtale*

Vierde jaar: 24 verpligte krediete vanuit Teologie, minstens 36 krediete vanuit keusemodules in Teologie en maksimum 60 krediete vanuit nie-teologiese modules.

In die baan sonder grondtale is Bybelse Hebreeus en Grieks keusemodules.

### *Programinhoud*

Die programinhoud is verdeel in drie hoofgroeperinge:

- Bybelwetenskap en Teologiese Hermeneutiek
- Christelike Spiritualiteit en Lewensbeskoulike Studie
- Kommunikasie en Gemeenskapstudie

Die program is multi- en interdissiplinêr en bestaan uit standaardmodules in die Teologie (Ekklesiologie, Missiologie, Nuwe Testament, Ou Testament, Praktiese Teologie, Sistematiese Teologie), Grieks en Bybelse Hebreeus, Sielkunde, Filosofie en Sosiologie.

ŉ Verpligte module vir alle studente is: Inligtingsvaardighede 172(6).

Module-inhoude word onder die afdeling Vakke, Modules en Module-inhoude uiteengesit.

### *Oorsig van program (BTh I–IV)*

Die pre-2012 BTh-program kan met of sonder die grondtale gevolg word. Die opsie sonder die grondtale maak ŉ breër aanbieding binne die Ou en Nuwe Testamentiese Teologie en Teologiese Hermeneutiek moontlik. Dit maak ook voorsiening vir keusemoontlikhede in die plek van die grondtale vir ander nie-teologiese dissiplines wat relevant is vir die opleiding van Christelike leiers, hulpverleners en gemeentebedienaars.

### *Bepalings met betrekking tot Jeugwerkmodules*

- Al die voorgeskrewe Jeugwerkmodules moet deur Jeugwerkstudente geneem word.
- Let op na die slaagvoorvereistes vir alle Praktiese Teologie-modules (insluitend Jeugwerk).
- Al die Jeugwerk-modules moet geslaag word voordat ŉ student vir die module Praktiese Teologie (Diensleer) 378 kan registreer.

## 1.1 Pre-2012 vierjarige BTh-PROGRAM

### Met Grondtale

*Denominasies wat grondtale vereis, bv. NG Kerk, VG Kerk*

Vierde jaar: 126 krediete vanuit Teologie

Die baan met grondtale behels 24 krediete elk in Bybelse Hebreeus en Grieks op eerstejaarsvlak indien twee standaardmodules vereis word. Sou drie standaardmodules in elk van die grondtale vereis word, moet 16 krediete elk in Bybelse Hebreeus en Grieks op tweedejaarsvlak geneem word. Indien vier standaardmodules in die grondtale as minimum geld, moet daar ŉ addisionele 16 krediete in elk van die grondtale gedurende of na die tweede jaar geneem word.

### Vierde jaar – Programkurrikulum (2014 is die laaste jaar van aanbieding) (126 krediete)

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Missiologie | 414(12) |
| Nuwe Testament | 414(12) |
| Ou Testament | 414(12) |
| Praktiese Teologie | 414(12), 424(12) |
| Sistematiese Teologie | 422(6) |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 442(6) |
| Missiologie | 444(12) |
| Nuwe Testament | 444(12) |
| Ou Testament | 444(12) |
| Praktiese Teologie | 444(12), 452(6) |

## 1.2 Pre-2012 vierjarige BTh-PROGRAM

### Sonder Grondtale

*Denominasies wat nie grondtale vereis nie:*

Vierde jaar: 24 verpligte krediete vanuit Teologie; plus minstens 36 krediete vanuit keusemodules in Teologie; plus ŉ maksimum van 60 krediete vanuit nie-teologiese modules.

In die baan sonder grondtale is Bybelse Hebreeus en Grieks keusemodules.

**Vierde jaar – Programkurrikulum (2014 is die laaste jaar van aanbieding) (120 krediete)**

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou Testament | 414(12) |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 444(12) |

*Keusemodules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Missiologie | 414(12) |
| Nuwe Testament | 414(12) |
| Praktiese Teologie | 414(12), 424(12) |
| Sistematiese Teologie | 422(6) |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 442(6) |
| Missiologie | 444(12) |
| Ou Testament | 444(12) |
| Praktiese Teologie | 444(12), 452(6) |

## 2. DRIEJARIGE BTh-PROGRAM (ALGEMEEN EN MET SPESIALISASIE IN JEUGWERK) (ingestel: 2012)

*Toelatingsvereistes*

*Vir aansoekers wat in 2007 of vroeër gematrikuleer het:*

ŉ Student moet in besit wees van ŉ Senior Sertifikaat met matrikulasie-endossement, of ŉ vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad;

OF

ŉ voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die matrikulasie-eksamen uitgereik deur die Matrikulasieraad aan kandidate uit die buiteland;

OF

ŉ voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die matrikulasie-eksamen op grond van ouderdom (23 jaar en ouer).

*Vir aansoekers wat die NSS in 2008 of later verwerf het:*

*Toelatingsvereistes vir universiteitstudie volgens die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)*

Om aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch te kan studeer volgens die nuwe nasionale skoolkurrikulum vir die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase, moet ŉ student:

- In besit wees van ŉ Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi met ŉ gemiddeld van 60% (uitgeslote Lewensoriëntering).
- Studente met ŉ gemiddelde van 55% maar laer as 60% (VGP-studente) kan slegs toegelaat word na ŉ onderhoud met die Dekaan of sy/haar verteenwoordiger.
- ŉ Punt van minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van aangewese universiteitstoelatingsvakke behaal.
- Studente wie Teologie nie as eerste keuse het nie EN studente wat vir Teologie aansoek doen tydens die Registrasie tydperk, sal nie vir toelating oorweeg word tensy hulle geweegde gemiddelde vir die NSS (goedgekeurde vakke) 60% of hoër is nie.
- Waar genoegsame twyfel ter sprake is, kan Nasionale Normtoetse gebruik word vir plasing van ŉ student in die hoofstroom of VGP-programme.
- Kerklike denominasies kan die Dekaan, in oorleg met die Programkomiteevoorsitter, nader met die oog op Dekaansdiskresionêre-toelating in spesiale gevalle waar studente met ŉ geweegde NNS gemiddelde (goedgekeurde vakke) van onder 55% maar hoër as 50% (veral met betrekking tot strukturele benadeling ten opsigte van skool, huishoudelike inkomste, ens).
- Studente met ŉ geweegde NSS gemiddelde (goedgekeurde vakke) van onder 55% mag aansoek doen om toelating op grond van AEVL met die oog op die VGP.
- Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September jaarliks.

*Teikenpubliek*

- Hierdie driejarige graadprogram in Teologie is gemik op denominasies wat nie Hebreeus en Grieks vir teologiese opleiding vereis nie. Hoewel nie vereis nie, kan Hebreeus en Grieks wel as keusemodules geneem word.
- Naas ŉ algemene teologiese opleiding kan daar ook in ŉ spesifieke veld soos Jeugwerk gespesialiseer word.

*Programspesifieke uitkomste*

- ŉ Teologies-hermeneutiese verstaan van die godsdienstige tekste, soos die Bybel, wat die aanspreek van lewensvraagstukke moontlik maak.
- Begrip van die dogmatiese leerstukke wat ŉ konstruktiewe impak op lewensvraagstukke kan hê.

- Die vermoë om as leier binne verskillende geloofsgemeenskappe te kan optree.
- Die vermoë, soos gekweek deur die spesialisasie in Jeugwerk, om toepaslike bedienings vir voorskoolse en laerskoolkinders, sowel as adolessente te ontwikkel.

*Programstruktuur*

Die BTh-program word voltyds aangebied en strek oor drie jaar. Hoewel Hebreeus en Grieks nie verpligtend is nie, kan dit wel as keusemodules geneem word.

Benewens ʼn teologiese kernkurrikulum, is daar ook teologiese en nie-teologiese keusemodules wat relevant is vir die opleiding van gemeentebedienaars, leiers binne geloofsgemeenskappe, soos jeugwerkers, en hulpverleners.

## Algemene BTh

**Eerste jaar:** Minimum vereiste 126 krediete op NKR 6:

- 88 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 6 krediete: *verpligte* Inligtingsvaardighede-module
- 32 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe.

**Tweede jaar:**

Alle studente behalwe Anglikaanse studente: Minimum vereiste 128 krediete op NKR 6:

- 56 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 72 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Anglikaanse studente: Minimum vereiste 128 krediete op NKR 6:

- 64 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 64 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe.

**Derde jaar:** Minimum vereiste 132 krediete op NKR 7:

- 56 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 76 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe

## BTh met spesialisasie in Jeugwerk

**Eerste jaar:** Minimum vereiste 130 krediete op NKR 6:

- 88 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 6 krediete: *verpligte* Inligtingsvaardighede-module
- 36 krediete: *verpligte* Sielkunde en Sosiologie-modules

**Tweede jaar:**

Alle studente behalwe Anglikaanse studente: Minimum vereiste 128 krediete op NKR 6:

- 96 krediete: *verpligte* Teologiemodules

- 24 krediete: *verpligte* Sielkunde en Sosiologie-modules
- 8 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Anglikaanse studente: Minimum vereiste 128 krediete op NKR 6:

- 104 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 24 krediete: *verpligte* Sielkunde en Sosiologie-modules

**Derde jaar:** Minimum vereiste 132 krediete op NKR 7:

- 112 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 12 krediete: *verpligte* Sosiologie-modules
- 8 krediete: keusemodules in Teologie

Die aantal krediete wat hierbo genoem word, moet as die minimum vereiste aantal krediete beskou word. Dit is wel vir studente moontlik om, met inagneming van roosterbotsings, meer krediete as die minimum te neem.

*Oorsig van die program*

Die driejarige BTh-program vereis nie grondtale nie en laat dus ŉ ruimer keuse toe vanuit Teologie sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe. Daar moet telkens ŉ onderskeid getref word tussen die kernleerplan en die keusemodules wat beide in Teologie en in Lettere en Sosiale Wetenskappe geneem kan word. Let ook op die onderskeid wat tussen die algemene BTh-program en die BTh-program met spesialisasie in Jeugwerk getref word.

*Bepalings met betrekking tot spesialisasie in Jeugwerk*

- Al die voorgeskrewe Jeugwerkmodules moet deur Jeugwerkstudente geneem word.
- Let op na die slaagvoorvereistes vir alle Praktiese Teologie-modules (insluitend Jeugwerk).
- Al die Jeugwerk-modules moet geslaag word voordat ŉ student vir die module Praktiese Teologie (Diensleer) 378 kan registreer.

## 2.1 DRIEJARIGE BTh-PROGRAM (ingestel: 2012)

### Algemeen

### Eerste jaar – Programkurrikulum (Minimum 126 krediete)

### NKR-vlak 6

*Verpligte Modules*

*Jaarmodule*

| | |
|---|---|
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 114(16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 143(16) Vroeë Kerk en Middeleeue |
| Missiologie | 142(8) Teorie en Geskiedenis van Missiologie |
| Ou en Nuwe Testament | 144(16) Verhalende Tekste in die Bybel |
| Sistematiese Teologie | 144(8) Filosofie vir Teoloë |

*Keusemodules*

*Jaarmodules*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 178(24) |
| Grieks | 178(24) |
| Xhosa | 178(24) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Antieke Kulture | 114(12) |
| Basiese Xhosa | 114(12) |
| Filosofie | 112(6), 122(6) |
| Praktiese Teologie | 112(8) Teologiese Grondslae vir Jeugwerk |
| Sielkunde | 114(12) |
| Sosiologie | 114(12) |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Antieke Kulture | 144(12) |
| Basiese Xhosa | 144(12) |
| Filosofie | 142(6), 162(6) |
| Praktiese Teologie | 144(16) Middelafhanklikheid en Groepwerk |
| Sielkunde | 144(12) Sielkunde in Konteks |
| Sosiologie | 144(12) Sosiale Probleme in Suid-Afrika |

**Tweede jaar – Programkurrikulum (Minimum 128 krediete)**

**NKR-vlak 6**

**LET WEL: Ekklesiologie 243 is verpligtend vir Anglikaanse studente**

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 213(8) Sinoptiese Evangelies |
| Ou Testament | 213(8) Pentateug |
| Praktiese Teologie | 212(8) Benaderings tot Jeugwerk 222(8) Inleiding tot Pastorale Berading |
| Sistematiese Teologie | 212(8) Godsleer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Sistematiese Teologie | 245(8) Christologie 253(8) Menswaardig-heid |

*Keusemodules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16) |
| Ekklesiologie | 213(8) 15e–18e-eeuse Kerkgeskiedenis |
| Grieks | 214(16) |
| Praktiese Teologie | 234(16) Kinderbediening |
| Sielkunde | 213(8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon 223(8) Menslike Ontwikkeling in Konteks |
| Sosiologie | 222(8) Misdaad en Sosiale Beheer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 244(16) |
| Ekklesiologie | 243(8) Anglikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg |
| Grieks | 244(16) |
| Missiologie | 244(16) Afrikagodsdienste en Ekumene |
| Nuwe Testament | 262(8) Briewe van Paulus |
| Ou Testament | 252(8) Profetiese Literatuur |
| Praktiese Teologie | 244(16) Organisasie en Beplanning van Jeugwerk 254(16) Jeugverwante Pastorale Sorg |

**Derde jaar – Programkurrikulum (Minimum 132 krediete)**

**NKR-vlak 7**

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 312(8) Johannese Literatuur |
| Praktiese Teologie | 314(16) Homiletiek en Liturgie |
| Sistematiese Teologie | 312(8) Publieke Teologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 342(8) Moderne Kerkgeskiedenis |
| Praktiese Teologie | 344(16) Teologie en Ontwikkeling |

*Keusemodules*

*Jaarmodule*

| | |
|---|---|
| Praktiese Teologie | 378(24) Diensleer |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou Testament | 312(8) Liriese literatuur |
| Praktiese Teologie | 324(16) Geloofsvorming 332(8) Pastorale Sorg vir Jeug en hul Families |
| Sistematiese Teologie | 322(8) Pneumatologie en Eskatologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 342(8) Algemene Briewe en Hebreërs |
| Ou Testament | 342(8) Wysheidsliteratuur |
| Praktiese Teologie | 352(8) Jeugkultuur |
| Sistematiese Teologie | 342(8) Kerkleer en Sakramente |
| Sosiologie | 364(12) Sosiale Navorsing |

## 2.2 DRIEJARIGE BTh-PROGRAM (ingestel: 2012)

**Spesialisasie in Jeugwerk**

**Eerste jaar – Programkurrikulum (Minimum 130 krediete)**

**NKR-vlak 6**

**130 krediete is verpligte modules**

*Verpligte Modules*

*Jaarmodule*

| | |
|---|---|
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 114(16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament |
| Praktiese Teologie | 112(8) Teologiese Grondslae vir Jeugwerk |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie |
| Sielkunde | 114(12) Sielkunde as Wetenskap |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Missiologie | 142(8) Teorie en Geskiedenis van Missiologie |
| Ou en Nuwe Testament | 144(16) Verhalende Tekste in die Bybel |
| Praktiese Teologie | 144(16) Middelafhanklikheid en Groepwerk |
| Sielkunde | 144(12) Sielkunde in Konteks |
| Sosiologie | 144(12) Sosiale Probleme in Suid-Afrika |

**Tweede jaar – Programkurrikulum (Minimum 128 krediete)**

**NKR-vlak 6**

**LET WEL: Ekklesiologie 243 is verpligtend vir Anglikaanse studente**

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 213(8) Sinoptiese Evangelies |
| Ou Testament | 213(8) Pentateug |
| Praktiese Teologie | 212(8) Benaderings tot Jeugwerk 222(8) Inleiding tot Pastorale Berading 234(16) Kinderbediening |
| Sielkunde | 213(8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon 223(8) Menslike Ontwikkeling in Konteks |
| Sosiologie | 222(8) Misdaad en Sosiale Beheer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Praktiese Teologie | 244(16) Organisasie en Beplanning van Jeugwerk 254(16) Jeugverwante Pastorale Sorg |
| Sistematiese Teologie | 245(8) Christologie 253(8) Menswaardigheid |

*Keusemodules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16) |
| Ekklesiologie | 213(8) 15e–18e-eeuse Kerkgeskiedenis |
| Grieks | 214(16) |
| Sistematiese Teologie | 212(8) Godsleer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 244(16) |
| Ekklesiologie | 243(8) Anglikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg |
| Grieks | 244(16) |
| Missiologie | 244(16) Afrikagodsdienste en Ekumene |
| Nuwe Testament | 262(8) Briewe van Paulus |
| Ou Testament | 252(8) Profetiese Literatuur |

## Derde jaar – Programkurrikulum (Minimum 132 krediete)

## NKR-vlak 7

*Verpligte Modules*

*Jaarmodule*

| | |
|---|---|
| Praktiese Teologie | 378(24) Diensleer |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 312(8) Johannese Literatuur |
| Praktiese Teologie | 314(16) Homiletiek en Liturgie 324(16) Geloofsvorming 332(8) Pastorale Sorg vir Jeug en hul Families |
| Sistematiese Teologie | 312(8) Publieke Teologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 342(8) Moderne Kerkgeskiedenis |
| Praktiese Teologie | 344(16) Teologie en Ontwikkeling 352(8) Jeugkultuur |
| Sosiologie | 364(12) Sosiale Navorsing |

*Keusemodules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou Testament | 312(8) Liriese Literatuur |
| Sistematiese Teologie | 322(8) Pneumatologie en Eskatologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 342(8) Algemene Briewe en Hebreërs |
| Ou Testament | 342(8) Wysheidsliteratuur |
| Sistematiese Teologie | 342(8) Kerkleer en Sakramente |

## 3. VIERJARIGE BDiv-PROGRAM (ingestel: 2012)

*Toelatingsvereistes*

*Vir aansoekers wat in 2007 of vroeër gematrikuleer het:*

ŉ Student moet in besit wees van ŉ Senior Sertifikaat met matrikulasie-endossement, of ŉ vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad;

OF

ŉ voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die matrikulasie-eksamen uitgereik deur die Matrikulasieraad aan kandidate uit die buiteland;

OF

ŉ voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die matrikulasie-eksamen op grond van ouderdom (23 jaar en ouer).

*Vir aansoekers wat die NSS in 2008 of later verwerf het:*

*Toelatingsvereistes vir universiteitstudie volgens die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)*

Om aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch te kan studeer volgens die nuwe nasionale skoolkurrikulum vir die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase, moet ŉ student:

- In besit wees van ŉ Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi met ŉ gemiddeld van 60% (uitgeslote Lewensoriëntering).

- Studente met ŉ gemiddelde van 55% maar laer as 60% (VGP-studente) kan slegs toegelaat word na ŉ onderhoud met die Dekaan of sy/haar verteenwoordiger.
- ŉ Punt van minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van aangewese universiteitstoelatingsvakke behaal.
- Studente wie Teologie nie as eerste keuse het nie EN studente wat vir Teologie aansoek doen tydens die Registrasie tydperk, sal nie vir toelating oorweeg word tensy hulle geweegde gemiddelde vir die NSS (goedgekeurde vakke) 60% of hoër is nie.
- Waar genoegsame twyfel ter sprake is, kan Nasionale Normtoetse gebruik word vir plasing van ŉ student in die hoofstroom of VGP-programme.
- Kerklike denominasies kan die Dekaan, in oorleg met die Programkomiteevoorsitter, nader met die oog op Dekaansdiskresionêre-toelating in spesiale gevalle waar studente met ŉ geweegde NNS gemiddelde (goedgekeurde vakke) van onder 55%, maar hoër as 50% (veral met betrekking tot strukturele benadeling ten opsigte van skool, huishoudelike inkomste, ens).
- Studente met ŉ geweegde NSS gemiddelde (goedgekeurde vakke) van onder 55% mag aansoek doen om toelating op grond van AEVL met die oog op die VGP.
- Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September jaarliks.

### *Teikenpubliek*

Die vierjarige BDiv-program bied professionele teologiese opleiding aan denominasies wat Hebreeus en Grieks as deel van die teologiese opleiding vereis. Hierdie program is gerig op studente wat hulle wil voorberei vir die kerklike bediening om as godsdienstige leiers in die samelewing op te tree en hulp aan mense in nood te verleen.

### *Programspesifieke uitkomste*

- Die omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van alle teologiese dissiplines met inagneming van die Bybel in sy oorspronklike grondtale (Hebreeus, Aramees en Grieks).
- Die beginsels en teorie van teologiese hermeneutiek.
- Die aard en funksionering van die kerk.
- Die bepaling van die konteks van gemeentelike bediening.
- Die kommunikasie van die Christelike boodskap.
- Die vermoë om die toepaslikheid van die Bybel binne die Suider-Afrikaanse konteks uit te wys.
- Insig in die manier waarop persepsies oor menswaardigheid waardestelsels beïnvloed.
- Die vermoë om ŉ kontekstuele praktykteorie te ontwikkel oor hoe geloofsgemeenskappe binne hulle eie omstandighede moet funksioneer.

- Kennis en begrip vir ander geloofstradisies, veral in Afrika.

### *Programstruktuur*

Die BDiv-program word voltyds aangebied en strek oor vier jaar. Die grondtale van die Bybel (Hebreeus, Aramees en Grieks) word op verskillende vlakke veronderstel na gelang van denominasionele voorkeur. Studente moet hulle vergewis van die vereistes ten opsigte van die grondtale wat deur hulle betrokke denominasie gestel word.

- Tans vereis die NGK twee studiejare in Grieks en Hebreeus.
- Tans vereis die VGK een studiejaar in Grieks en Hebreeus, asook een jaar opleiding in ŉ Suid-Afrikaanse taal anders as jou moedertaal, bv. Afrikaans, Engels of Xhosa (sien taalmodules aangebied deur Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe).

Daar moet gelet word op die verpligte kern- en opsionele modules wat op elke jaarvlak geld. Inligting aangaande die BDiv-leerplan (soos ingestel 2012) op die vierde jaar wat in 2015 ingefaseer word, kan van die Fakulteit Teologie ingewin word.

Keusemodules in die tweede en derde jaar maak ŉ mate van spesialisering moontlik met die oog op die navorsingswerkstuk in die vierde jaar asook die navorsing in die MDiv.

**Eerste jaar:** Minimum vereiste 142 krediete op NKR 6:

- 88 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 6 krediete: *verpligte* Inligtingsvaardighedemodule
- 48 krediete: *verpligte* Lettere en Sosiale Wetenskappe-modules

**Tweede jaar:**

NGK-studente: Minimum vereiste 160 krediete op NKR 6:

- 96 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 64 krediete: *verpligte* Lettere en Sosiale Wetenskappe-modules

Anglikaanse studente: Minimum vereiste 128 krediete op NKR 6:

- 104 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 24 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe

Alle denominasies behalwe NGK en Anglikaanse studente: Minimum vereiste 128 krediete op NKR 6:

- 96 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 32 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe

**Derde jaar:** Minimum vereiste 144 krediete op NKR 7:

- 96 krediete: *verpligte* Teologiemodules
- 48 krediete: *keusemodules* in Teologie of Lettere en Sosiale Wetenskappe

*Oorsig van die program (in 2014 word slegs BDiv I, II en III aangebied)*

Hoewel die BDiv-program in die eerste jaar geen keusemodules insluit nie, word daar op tweedejaar- en derdejaarvlak wel vir keusemodules voorsiening gemaak.

**LET WEL:** Sielkunde 114 en 144 geld as slaagvoorvereiste modules vir Sielkunde 213 en 223. Studente wie dus in hul tweedejaar vir Sielkunde 213 en 223 as keusemodules wil registreer, sal ook vir Sielkunde 114 en 144 as keusemodules gedurende hul eerste jaar moet registreer.

## Eerste jaar – Programkurrikulum (Leerplan vir alle teologiese studente) (142 krediete)

## NKR-vlak 6

*Verpligte Modules*

*Jaarmodules*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 178(24) |
| Grieks | 178(24) |
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 114(16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 143(16) Vroeë Kerk en Middeleeue |
| Missiologie | 142(8) Teorie en Geskiedenis van Missiologie |
| Ou en Nuwe Testament | 144(16) Verhalende Tekste in die Bybel |
| Sistematiese Teologie | 144(8) Filosofie vir Teoloë |

## Tweede jaar – Programkurrikulum (Leerplan vir NGK studente) (Minimum 160 krediete)

### NKR-vlak 6

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16) |
| Ekklesiologie | 213(8) 15e–18e-eeuse Kerkgeskiedenis |
| Grieks | 214(16) |
| Nuwe Testament | 213(8) Sinoptiese Evangelies |
| Ou Testament | 213(8) Pentateug |
| Praktiese Teologie | 212(8) Benaderings tot Jeugwerk 222(8) Inleiding tot Pastorale Berading |
| Sistematiese Teologie | 212(8) Godsleer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 244(16) |
| Grieks | 244(16) |
| Missiologie | 244(16) Afrikagodsdienste en Ekumene |
| Nuwe Testament | 262(8) Briewe van Paulus |
| Ou Testament | 252(8) Profetiese Literatuur |
| Sistematiese Teologie | 245(8) Christologie 253(8) Menswaardig-heid |

*Keusemodules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 234(16) Gender en die Bybel |
| Praktiese Teologie | 234(16) Kinderbediening |
| Sielkunde | 213(8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon 223(8) Menslike Ontwikkeling in Konteks |
| Sosiologie | 222(8) Misdaad en Sosiale Beheer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 243(8) Anglikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg |
| Praktiese Teologie | 244(16) Organisasie en Beplanning van Jeugwerk 254(16) Jeugverwante Pastorale Sorg 262(8) Bedieningspraktyk |

**Tweede jaar – Programkurrikulum (Leerplan vir denominasies wat nie grondtale vereis nie) (Minimum 128 krediete)**

**NKR-vlak 6**

**LET WEL: Ekklesiologie 243 is verpligtend vir Anglikaanse studente**

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 213(8) 15e–18e-eeuse Kerkgeskiedenis |
| Nuwe Testament | 213(8) Sinoptiese Evangelies |
| Ou Testament | 213(8) Pentateug |
| Praktiese Teologie | 212(8) Benaderings tot Jeugwerk 222(8) Inleiding tot Pastorale Berading |
| Sistematiese Teologie | 212(8) Godsleer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Missiologie | 244(16) Afrikagodsdienste en Ekumene |
| Nuwe Testament | 262(8) Briewe van Paulus |
| Ou Testament | 252(8) Profetiese Literatuur |
| Sistematiese Teologie | 245(8) Christologie 253(8) Menswaardigheid |

*Keusemodules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 214(16) |
| Grieks | 214(16) |
| Ou en Nuwe Testament | 234(16) Gender en die Bybel |
| Praktiese Teologie | 234(16) Kinderbediening |
| Sielkunde | 213(8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon 223(8) Menslike Ontwikkeling in Konteks |
| Sosiologie | 222(8) Misdaad en Sosiale Beheer |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 244(16) |
| Grieks | 244(16) |
| Ekklesiologie | 243(8) Anglikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg |
| Praktiese Teologie | 244(16) Organisasie en Beplanning van |

| | |
|---|---|
| | Jeugwerk 254(16) Jeugverwante Pastorale Sorg 262(8) Bedieningspraktyk |

**Derde jaar – Programkurrikulum (Leerplan vir alle teologiese studente) (Minimum 144 krediete)**

**NKR-vlak 7**

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Nuwe Testament | 312(8) Johannese Literatuur |
| Ou Testament | 312(8) Liriese Literatuur |
| Praktiese Teologie | 314(16) Homiletiek en Liturgie |
| Sistematiese Teologie | 312(8) Publieke Teologie 322(8) Pneumatologie en Eskatologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 342(8) Moderne kerkgeskiedenis |
| Nuwe Testament | 342(8) Algemene Briewe en Hebreërs |
| Ou Testament | 342(8) Wysheidsliteratuur |
| Praktiese Teologie | 344(16) Teologie en Ontwikkeling |
| Sistematiese Teologie | 342(8) Kerkleer en Sakramente |

*Keusemodules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 314(12), 324(12) |
| Grieks | 314(12), 324(12) |
| Ou en Nuwe Testament | 324(16) Argeologie van die Antieke Wêreld |
| Praktiese Teologie | 324(16) Geloofsvorming 332(8) Pastorale Sorg vir Jeug en hul Families |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 344(12), 354(12) |
| Grieks | 344(12), 354(12) |
| Praktiese Teologie | 352(8) Jeugkultuur 362(8) MIV en VIGS Pastoraat |

## 4. VERLENGDE GRAADPROGRAM

*Oorsig van die program*

Die Verlengde Graadprogram vir die driejarige BTh-program word oor vier jaar aangebied; vir die vierjarige BDiv-program word dit oor vyf jaar aangebied. In elk van die programme word die eerste jaar se modules oor twee jaar aangebied. Daarna word die modules per jaar soos vir die normale BTh- en BDiv-programme gevolg. Dit behels onderskeidelik die volgende:

*Module-inhoud*

Die module-inhoude van die BTh- en BDiv- verlengde graadprogramme stem ooreen met die module-inhoude soos beskryf vir die BTh- en die BDiv-program onder die afdeling Vakke, Modules en Module-inhoude.

### 4.1 VERLENGDE GRAADPROGRAM

#### Driejarige BTh (Algemeen)

#### Eerste Jaar (60 krediete)

*Verpligte Modules*

*Jaarmodule*

| | |
|---|---|
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 114(16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament |
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 143(16) Vroeë Kerk en Middeleeue |
| Filosofie | 142(6) |
| Missiologie | 142(8) Teorie en Geskiedenis van Missiologie |

#### Tweede Jaar (64 krediete)

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Antieke Kulture | 114(12) |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Antieke Kulture | 144(12) |
| Ou en Nuwe Testament | 144(16) Verhalende Tekste in die Bybel |
| Sistematiese Teologie | 144(8) Filosofie vir Teoloë |

## 4.2 VERLENGDE GRAADPROGRAM

### Driejarige BTh-program met spesialisasie in Jeugwerk

### Eerste Jaar (66 krediete)

*Verpligte Modules*

*Jaarmodule*

| | |
|---|---|
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 114(16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament |
| Praktiese Teologie | 112(8) Teologiese Grondslae vir Jeugwerk |
| Sielkunde | 114(12) Sielkunde as Wetenskap |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 143(16) Vroeë Kerk en Middeleeue |
| Missiologie | 142(8) Teorie en Geskiedenis van Missiologie |
| Sielkunde | 144(12) Sielkunde in Konteks |

### Tweede Jaar (68 krediete)

*Verpligte Modules*

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 144(16) Verhalende Tekste in die Bybel |
| Praktiese Teologie | 144(16) Middelafhanklikheid en Groepwerk |

| | |
|---|---|
| Sosiologie | 144(12) Sosiale Probleme in Suid-Afrika |

## 4.3 VERLENGDE GRAADPROGRAM

### Vierjarige BDiv-program

### Eerste Jaar (70 krediete)

*Verpligte Modules*

*Jaarmodule*

| | |
|---|---|
| Inligtingsvaardighede | 172(6) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 114(16) Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament |
| Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | 114(16) Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 143(16) Vroeë Kerk en Middeleeue |
| Missiologie | 142(8) Teorie en Geskiedenis van Missiologie |
| Sistematiese Teologie | 144(8) Filosofie vir Teoloë |

### Tweede Jaar (72 krediete)

*Verpligte Modules*

*Jaarmodules*

| | |
|---|---|
| Bybelse Hebreeus | 178(24) |
| Grieks | 178(24) |

*Eerste semester*

| | |
|---|---|
| Praktiese Teologie en Missiologie | 112(8) Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie |

*Tweede semester*

| | |
|---|---|
| Ou en Nuwe Testament | 144(16) Verhalende Tekste in die Bybel |

# NAGRAADSE PROGRAMME

## 5. NAGRAADSE DIPLOMAS

### 5.1 NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE (50547:778)

*Programuitkomste*

Uitkomste wat verlang word, lê op die gebied van die Hermeneutiek en Bybelwetenskap, Sistematiese Teologie, Kerkgeskiedenis, Kerkreg, Bedienings- en Pastorale Kommunikasie, Missiologie, Gemeenskapsontwikkeling, Lewensbeskoulike Studies, Christelike Spiritualiteit, en ʼn Prakties-teologiese Ekklesiologie. Die fokus van die uitkomste wissel na gelang van die aard van verdieping in die tweede gedeelte van die program.

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

Enige baccalaureusgraad of ekwivalente kwalifikasie, nie noodwendig in die Teologie nie, of ʼn gelykwaardige kwalifikasie van hierdie of ʼn ander universiteit of seminarium wat deur die Senaat of die Uitvoerende Komitee, handelende namens die Senaat, vir dié doel goedgekeur is.

*Programstruktuur*

*Teikenpubliek*

1. Studente sonder enige teologiese opleiding wat uit ʼn verskeidenheid van agtergronde en dissiplines (BSc, BA, ens.) afkomstig is.
2. Studente met ʼn driejarige kwalifikasie in Teologie wat nie kwalifiseer om met die MDiv, MTh of Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening voort te gaan nie.

Vanweë die feit dat die teikenpubliek tweërlei van aard is, word die nagraadse diplomaprogram verdeel in ʼn A-baan (verrykte program vir studente sonder enige vorige Teologie-opleiding) en ʼn B-baan (aangepaste program vir studente met onvoldoende Teologie-opleiding).

*A-baan*

Die A-baan behels ʼn verrykte en meer omvattende bestek ten einde aansoekers sonder enige teologie-opleiding die geleentheid te bied tot basiese oriëntering in die ses teologiese vakke. Tydens die eerste semester word ʼn bestek in elke vak afgehandel. Die tweede semester bou voort op die voorafgaande werk in die eerste semester en behels bestekke in een of twee vakke asook ʼn werkstuk.

*B-baan*

Die B-baan is vir studente wat wel teologiese opleiding ontvang het. Binne die raamwerk van die besonderhede (soos uiteengesit onder 1–3) moet elke aansoek individueel beoordeel word sodat aanpassings gemaak kan word volgens die behoefte van die student en die kwalifikasies reeds behaal.

1. In die program self is daar plooibare moontlikhede om tydens die eerste semester aan te sluit by wat reeds in die voorafgaande studie gedoen is.
2. Die tweede semester bou voort op die werk in die eerste semester en bied ook geleentheid om voort te bou op werk in verwante dissiplines tydens die voorafgaande studie.
3. Die tweede semester bied ook die geleentheid tot verdieping in een of meer van die vakke.

*Duur*

Die program duur een jaar.

*Programinhoud*

Die fokus van die program is in die eerste semester spesifiek gerig op ŉ oorsig oor die terrein van die teologie en verdere teologiese teorievorming binne die onderskeie vakke. Die fokus van die tweede semester word bepaal deur die spesialisasierigting gevolg binne een of meer van die ses vakke van Teologie.

**Totaal 120 krediete**

*Eerste Semester (60 krediete)*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 711(10) |
| Missiologie | 711(10) |
| Nuwe Testament | 711(10) |
| Ou Testament | 711(10) |
| Praktiese Teologie | 711(10) |
| Sistematiese Teologie | 711(10) |

*Tweede Semester (60 krediete)*

Die student registreer vir een of meer van die bogenoemde ses vakke onder die kode 742(60) (bv. Ou Testament 742(60)). Krediete en werkslading word proporsioneel verdeel in gevalle waar studente meer as een vak kies.

*Assessering en Eksaminering*

Daar word gebruik gemaak van mondelinge en skriftelike eksamens, geskrewe werkopdragte en seminare. Geen tesis word vereis nie.

## 5.2 NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE IN CHRISTELIKE BEDIENING – NG Dip (Teologie) (Christelike Bediening)

*Programbeskrywing*

*Teikenpubliek*

Die program wil voornemende predikante onder mentorskap binne praktykverband oplei met die oog op die integrasie van teologiese teorie en bedieningspraktyk en die ontwikkeling van bedieningsvaardighede in denominasionele verband.

*Programuitkomste*

Die program fokus op bedieningsvaardighede soos prediking, gespreksvaardighede, rekenaarvaardighede, administrasievaardighede en algemene kommunikasievaardighede. Daar is noue skakeling met die MDiv (Kerklike Bedieninge). Die eiesoortigheid van die program is geleë in die faktor van mentorskap binne gemeentelike verband.

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

As voorvereiste geld enige driejarige kwalifikasie in die Teologie of ŉ MDiv (Kerklike Bedieninge) soos deur die betrokke kerklike denominasie bepaal.

*Programstruktuur*

Dit is ŉ eenjarige beroepsgerigte program onder mentorskap binne gemeentelike verband. Die opleiding is toeganklik vir alle denominasies. Dit vind plaas onder toesig van die kuratoria en kerkrade van verskillende kerklike denominasies in samewerking met die Fakulteit Teologie ten einde te voldoen aan die vereistes deur kerke gestel met die oog op die legitimasie en beroeping van predikante / Christelike leiers / pastorale hulpverleners.

Die program bestaan uit die volgende vier basismodules:

- Erediens en Kommunikasie
- Gemeentebediening en Administrasie
- Jeugbediening
- Pastorale Bediening

*Programinhoud*

Inhoude is toegespits op die behoeftes van die bedieningspraktyk en die vorming van predikante, Christelike leiers en pastorale hulpverleners vir die bediening. Die program beoog blootstelling aan, en skoling vir, die gemeentebediening en die ontwikkeling van bedieningsvaardighede. Die program word aangebied vanuit die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie in samewerking met die dissiplinegroepe Ou en Nuwe Testament en Sistematiese Teologie en Ekklesiologie.

*Opmerkings*

1. Die totale getal krediete is 120.

2. Die program is die verantwoordelikheid van die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie.
3. Die plasing van kandidate in gemeentes vir die gemeentelike blootstelling vind plaas in samewerking met die ingekontrakteerde kerke voor die oriënteringsprogram in November van die jaar voorafgaande aan die gemeentelike bedieningsjaar.
4. ŉ Oriënteringsdag vir al die voorgenome kandidate en hul mentors word gereël vir November van die voorafgaande jaar.
5. Die kandidate meld aan by die gemeentes vir die laaste volle week in Januarie.
6. Studente kom vir die volgende vier geleenthede gedurende die jaar terug:

6.1 Aan die begin van die jaar in Maart saam met al die dosente. By hierdie geleentheid word die program uiteengesit deur die programkoördineerder en die dosente verduidelik die werksopdragte en die vereistes van die sub-dissiplines.

6.2 In Mei vind die halfjaarlikse assessering vir ŉ week plaas. Alle werkopdragte vir die eerste semester word by hierdie geleentheid bespreek.

6.3 Die derde geleentheid vind plaas gedurende die laaste twee volle weke in Augustus tot die eerste week in September.

6.4 Gedurende die eerste week in November, nadat die kandidate die jaarlange bedieningsblootstelling in die gemeentes afgehandel het, ontmoet die hele groep vir die finale terugvoering en assessering met die mentors en dosente.

7. In Junie, na afloop van die halfjaarlikse assessering, neem al die kandidate deel aan ŉ verpligte gekombineerde ekumeniese toer wat ongeveer twee weke duur.
8. Daar word van elke kandidaat verwag om kruiskulturele blootstelling in ŉ ander denominasie te ondergaan vir ŉ periode van ten minste twee weke.
9. Daar word gebruik gemaak van deurlopende assessering en die skryf van navorsingsverslae en werkopdragte wat op verskillende datums gedurende die eerste en tweede semester ingelewer moet word.
10. Daar word in die program nie van lesings gebruik gemaak nie, maar van selfstandige werk in die vorm van verslae en werksopdragte.
11. Die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie is verantwoordelik vir die keuring en opleiding van die toesighouers/mentors asook die toedeling van gemeentes.
12. Die verdeling van krediete vir die Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening is:

| | |
|---|---|
| Mentorskap | 18 |
| OT, NT en ST | 18 |
| Navorsingsportefeulje | 34 |
| Bedieningspraktyk | 50 |
| **Totaal** | **120** |

Die verdeling van die 84 krediete van die Navorsingsportefeulje en Bedieningspraktyk is:

| **Module** | **Navorsingsportefeulje** | **Bedieningspraktyk** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Erediens en Kommunikasie | 11 | 16 | 27 |
| Gemeentebediening en Administrasie | 10 | 14 | 24 |
| Jeugbediening | 6 | 10 | 16 |
| Pastorale Bediening | 7 | 10 | 17 |
| **Totaal** | **34** | **50** | **84** |

# MEESTERSGRADE

## 6. MDiv (55735-889)

*Programbeskrywing*

*Teikenpubliek*

Die MDiv in Kerklike bediening bied opleiding vir bedienaars, leraars, predikante, pastore, dienswerkers, pastorale hulpverleners en pastorale terapeute vir die gemeentelike bediening. Die program wil persone wat geroep is vir die gemeentelike bediening professioneel toerus.

*Programuitkomste*

Teorievorming: ŉ Prakties-teologiese ekklesiologie

Die rol van die kerk in die samelewing

Die doen van gemeente-analises binne verskillende kontekste en situasies

Kerkgeskiedenis en kerkreg

Sistematiese ekklesiologie en simboliek

Die erediens en gemeentebou

Christelike spiritualiteit en die identiteit van die Christelike leier/hulpverlener/bedienaar

Die bedieningspraktyk vanuit die perspektief van versoening en geregtigheid

Pastorale hulpverlening en krisisbediening

Ekosistemiese bediening binne ŉ pastorale beleid van voorkoming vir huweliks- en gesinsproblematiek

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

ŉ Vierjarige BTh-graadprogram of ander kwalifikasie wat volgens die oordeel van die Senaat gelykstaande is aan die vierjarige BTh- of die vierjarige BDiv-program soos ingestel in 2012.

### *Programstruktuur*

Die MDiv word voltyds aangebied en strek oor een jaar. Die eerste semester begin in die middel van Januarie en duur een-en-twintig weke. Die tweede semester strek oor vyftien weke. Daar is ŉ aantal hoofgroeperinge en assessering vind binne elke hoofgroepering plaas.

Verskillende temas onder die hooftemas: Kerk in die samelewing (*pathos*), kerk – geskiedenis, sistematiese ekklesiologie, Bybel en erediens (*logos*), en dissipelskap, spiritualiteit en bedieningsvaardighede (*ethos*) word by wyse van ŉ blokbenadering en die integrering van verskillende teologiese dissiplines aan die orde gestel. ŉ Week begin op ŉ Dinsdag en eindig op ŉ Maandag ten einde die naweek in te sluit.

### *Programinhoud*

In die program word voorsiening gemaak vir ŉ module in navorsingsmetodologie, teologie as wetenskap, en verskillende navorsingsmetodes.

Die program ontwikkel vanuit ŉ hermeneuties-retoriese metateoretiese raamwerk verskillende prakties-teologiese bedieningstemas met die oog op ŉ teologiese verstaan van die gemeentelike bediening en die eiesoortigheid van kerkwees binne verskillende kontekste.

Die hooftemas is:

*Pathos-aspekte*: Kerk in die samelewing (kontekstualiteit): Die rol van die kerk in die samelewing binne verskillende kontekste en etiese lewensvraagstukke.

*Logos-aspekte*: Kerk – geskiedenis, sistematiese ekklesiologie, Bybel en erediens (kerklike identiteit): Die aard en funksies van die kerk; historiese verbande; kerklike belydenisse en kommunikasie binne die konteks van erediens en liturgie.

*Ethos-aspekte*: Dissipelskap, spiritualiteit en bedieningsvaardighede (bedieningspraktyk): Die verband tussen Christelike spiritualiteit en leierskap met die oog op die ontwikkeling van ŉ gemeentelike spiritualiteit binne verskillende vorme van bedieninge. Geloofsvolwassenheid en geloofsvorming: Die ontwikkeling van bedienings- en pastorale vaardighede met die oog op hulpverlening, sorg, troos, voorkoming en verryking binne verskillende lewenskrisisse en verhoudingsproblematiek.

Studente skryf in vir die volgende kernmodules:

## Totaal 180 krediete

## PATHOS-ASPEKTE

### Module 1: Kerk in die Samelewing 1 (15 krediete)

| | |
|---|---|
| Gemeentestudies en gemeenskapsanalise in Afrika-kontekste (4) | Oorsigtelike konteksanalise van kerk en samelewing. |
| Gender, kultuur en die Bybel in die lewe van die kerk (4) | Ondersoek na onderlinge verhouding tussen gender en diverse kulturele kontekste. |
| Kinder- en jeugkultuur (3) | Tendense in jeugnavorsing en teologiese |

| | |
|---|---|
| | verstaan van jeug-problematiek. |
| Prakties-teologiese ekklesiologie (4) | Inleiding tot prakties-teologiese interpretasie. |

**Module 2: Kerk in die Samelewing 2 (15 krediete)**

| | |
|---|---|
| Bediening van versoening en geregtigheid (3) | Die teologiese aard van versoening en vergifnis en die verband met die Christologie/Soteriologie. |
| Die kerk en publieke lewe (3) | Morele besluitneming en publieke beleid in die private en publieke sfere. |
| Ekumene (3) | Hedendaagse problematiek en ontwikkelinge. |
| Kerk in Afrika (3) | Die vraagstuk van interkulturele en interreligieuse kommunikasie. |
| Kerk, samelewing en mark (3) | Die vraagstuk van armoede, werkloosheid, kriminaliteit, bendegeweld, straatkinders. |

**LOGOS-ASPEKTE**

**Module 3: Kerk – Geskiedenis, Sistematiese Ekklesiologie, Bybel en Erediens 1 (24 krediete)**

| | |
|---|---|
| Figure uit die kerkgeskiedenis en bediening vandag (4) | Geïntegreerde kennis van belangrike figure uit die kerk en teologie geskiedenis. |
| Herinnering, geskiedenis en betrokkenheid by die verlede (4) | ŉ Kritiese bespreking van die belang van herinnering as toegang tot die verlede. |
| Kerkreg en kerkregering (4) | Teologiese onderbou; metodologie; beginsels en verstaan van kerkwees en kerkregering. |
| Simboliek (8) | Geloofsbelydenis en belydenisskrifte. |
| Sistematiese ekklesiologie (4) | Die kerkleer. |

**Module 4: Kerk – Geskiedenis, Sistematiese Ekklesiologie, Bybel en Erediens 2 (26 krediete)**

| | |
|---|---|
| Apologetiek (geloofsverantwoording) (4) | Teologie in gesprek met wetenskap, kultuur en lewensbeskouings. |
| Homiletiek (3) | Prediking as modus van kommunikasie. Teorie en praktyk. |
| Homiletiek (3) | Prediking van die Ou en Nuwe Testament rakende die aard van die Christelike geloof, |

| | |
|---|---|
| | huwelik, gesin en egskeiding. |
| Homiletiek (3) | Prediking van die Ou en Nuwe Testament. Verskillende temas en perikope rakende gemeentebediening in die samelewing. |
| Homiletiek (3) | Prediking van die Ou en Nuwe Testament. Verskillende temas en perikope rakende die vraagstuk van lyding, die wil van God, klag en die sinvraagstuk. |
| Liturgiek (3) | Die teologiese aard en verstaan van die erediens en die vraagstuk van kommunikasie binne ŉ gesekulariseerde lewensmilieu. Verskillende wyses en modelle van aanbidding. |
| Pedagogie van die Bybel (4) | Hermeneutiese impak van Bybelse pedagogie in gemeentekonteks. |
| Preekpraktika (3) | |

**ETHOS-ASPEKTE**

**Module 5: Dissipelskap, Spiritualiteit en Bedieningsvaardighede 1 (20 krediete)**

| | |
|---|---|
| Christelike leierskap en gemeentebou (4) | Leierskapstyle en gemeente-ontwikkeling. |
| Geloofsvorming en morele ontwikkeling (3) | |
| Jeugsorg en morele vorming (3) | |
| Kinderbediening (3) | |
| Spiritualiteitsweek (7) | Christelike spiritualiteit en roeping van die predikant/Christelike leier. |

**Module 6: Dissipelskap, Spiritualiteit en Bedieningsvaardighede 2 (20 krediete)**

| | |
|---|---|
| Hantering van diversiteit (4) | |
| Sieke- en hospitaalpastoraat (12) | Hospitaalsupervisie (o.a. VIGS). |
| Voorkomingspastoraat (4) | Huwelikspastoraat en -verryking; gesinspastoraat en -verryking. |

### Module 7: Navorsingskomponent (60 krediete)

Die student moet gedurende die verloop van die program ŉ navorsingswerkstuk van ongeveer 50 bladsye voltooi om vaardighede in navorsing te ontwikkel. Finale inlewering op die eerste dag van die vierde kwartaal.

Navorsing geskied in enige van die ses dissiplines: Ekklesiologie, Missiologie, Nuwe Testament, Ou Testament, Praktiese Teologie en Sistematiese Teologie. Die navorsingswerkstuk tel 60 krediete.

*Assessering en Eksaminering*

Benewens deurlopende assessering, vind daar ook aan die einde van die program ŉ geïntegreerde en uitkomsgebaseerde assessering plaas in die vorm van ŉ 48 uur lange eksamen.

| **Naam van Module** | **Krediete** |
|---|---|
| Module 1: Kerk in die Samelewing 1 | 15 |
| Module 2: Kerk in die Samelewing 2 | 15 |
| Module 3: Kerk – Geskiedenis, Sistematiese Ekklesiologie, Bybel en Erediens 1 | 24 |
| Module 4: Kerk – Geskiedenis, Sistematiese Ekklesiologie, Bybel en Erediens 2 | 26 |
| Module 5: Dissipelskap, Spiritualiteit en Bedieningsvaardighede 1 | 20 |
| Module 6: Dissipelskap, Spiritualiteit en Bedieningsvaardighede 2 | 20 |
| Module 7: Navorsingskomponent | 60 |
| **Totaal** | **180** |

## 7. MTh

*Twee MTh-opsies*

Die MTh-graad kan op een van die volgende maniere verwerf word:

1. Gestruktureerde opsie of 889-opsie: deur vier vraestelle in die spesialisasierigting en een vraestel in elk van twee byvakke, aangevul deur ŉ werkstuk waarin veral die probleemstelling, die navorsingshipotese en -metodologie in verband met ŉ bepaalde tema behandel en voor die Fakulteit verdedig word;
2. Tesis opsie of 879-opsie: deur twee vraestelle in die spesialisasierigting en ŉ vraestel in een byvak, aangevul deur ŉ tesis wat voor die Fakulteit verdedig word.
3. Studente registreer vir die betrokke modules en werkstuk of tesis by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinêre omgewing waarin hulle spesialiseer.

*Opmerking*

Byvakke kan in departemente in ander fakulteite aan hierdie Universiteit gevolg word.

*Toelatingsvereistes*

Tot die MTh-program word studente toegelaat wat –

1. enige graadprogram op NKR vlak 8 in die Teologie voltooi het, of in besit is van enige ander toepaslike vierjarige kwalifikasies gelykstaande aan ŉ vierjarige opleiding wat volgens die oordeel van die Senaat vir die voorgenome studie geskik is;
2. voldoen aan die verdere vereistes wat ŉ betrokke dissiplinegroep mag stel;
3. tydens hulle Teologie-studie ŉ gemiddelde prestasie van minstens 60% gehandhaaf het in die vakrigting waarin hulle die MTh-graad wil behaal, en ŉ gemiddelde prestasie van 60% in die finale jaar van Teologie-verwante studie wat die MTh-graad voorafgaan; en

3.1 na skriftelike aansoek deur die Senaat, of deur die Uitvoerende Komitee handelende namens die Senaat, tot die MTh-program toegelaat is.

3.2 Studente wat in besit is van ŉ HonsBA (Godsdienskunde) wat na die BA (met Teologie) aan hierdie Universiteit verwerf is of van ŉ ander honneursgraad wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word, of wat op ŉ ander wyse ŉ standaard van bekwaamheid in hulle bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is en wat voldoen aan die verdere vereistes in 1–3 hierbo, word tot die MTh-program toegelaat.

3.3 Studente wat die Nagraadse Diploma in Teologie van hierdie Universiteit met ŉ gemiddelde van minstens 65% slaag, mag aansoek doen om ŉ toelatingseksamen, soos deur die betrokke dissiplinegroep bepaal word, af te lê met die oog op toelating tot ŉ MTh-program.

3.4 Studente wat ŉ MTh-tesis wil skryf, moet ŉ ontwerp of studieplan indien waarin die volgende tot bevrediging van hulle studieleier uiteengesit word: navorsingsprobleem, navorsingsmetodologie en werkswyse.

*Opmerking*

Studente moet voor 31 Oktober skriftelik om toelating tot die MTh-program aansoek doen. Aansoeke met vermelding van spesialisasierigting moet aan die Registrateur gerig word.

*Aanvulling van taalvereistes*

- Studente wat nie beskik oor die taalvereistes (soos bv. Duits, Latyn, ens.) wat deur ŉ betrokke dissiplinegroep gestel word nie, moet dit verkieslik vooraf of anders tydens die eerste fase van die MTh-program aanvul.
- Studente wat aanvullende studie in Grieks en Ou Nabye Oosterse Tale en Kulture moet doen met die oog op hulle inskrywing vir die programme MTh en PhD, moet hulle by die betrokke departemente aanmeld vóór 1 Oktober van die voorafgaande jaar sodat spesiale reëlings vir hulle getref kan word.

- Buitelandse studente met Engels as tweede taal sal slegs aanvaar word indien hulle die Engels-vaardigheidstoets (TOEFL) met ŉ minimumpunt van 550 slaag. Indien die toets nie in die buiteland afgeneem is nie, kan die Internasionale Kantoor studente administratief en professioneel begelei om die toets af te lê (dit geskied vier maal per jaar). Geen buitelandse student mag registreer voor aan hierdie vereiste voldoen is nie.
- Buitelandse studente wat die TOEFL-toets slaag en aan die Universiteit geregistreer het, moet onverwyld ŉ verdere interne Engels-kommunikasievaardigheidstoets aflê. Die toets sal bepaal hoeveel onderrig in Engels-kommunikasievaardighede ontvang moet word om die vereiste standaard te bereik. Die toets word deur die Internasionale Kantoor afgeneem. Indien die student se Engels-kommunikasievaardigheidsvlak voldoende is, ontvang hy ŉ sertifikaat in dié verband. Indien die toets aantoon dat die student nog hulp nodig het, word hy na instansies verwys wat hom moet begelei tot op die vereiste standaard en wat die verlangde sertifikaat aan hom sal oorhandig. Koste verbonde aan die toetse asook die koste van die kursusse is die verantwoordelikheid van die student.
- Geen eksamen in ŉ program waarvoor die student ingeskryf is, sal afgeneem word voordat die verlangde sertifikaat in Engels-kommunikasievaardighede verwerf is nie.

### *Duur en minimum verblyftydperk van die program*

- Die MTh-program duur minstens een jaar.
- ŉ Tydperk van ongeveer ses maande word as minimum verblyftydperk vereis van MTh-studente buite Suider-Afrika.

### *Keuse van vakrigtings vir die MTh-program*

ŉ Student moet die volgende vaksamestelling vir die MTh-program aanbied:

- een spesialisasierigting gekies uit die ses teologiese dissiplines hieronder in "Programinhoud" genoem; en
- twee byvakke gekies uit die oorblywende teologiese dissiplines of in ŉ ander toepaslike departement aan die Universiteit (kyk "Opmerking" by die programbeskrywing hierbo).

### *Programinhoud*

Die MTh kan in een van die volgende teologiese dissiplines gevolg word (889-gestruktureerde opsie of 879- tesis opsie): (die spesifieke modules in elke teologiese dissipline word later vermeld)

- Ekklesiologie
- Missiologie
- Nuwe Testament

- Ou Testament
- Praktiese Teologie
- Sistematiese Teologie

### *Legitimasie*

Studente wat hulle wil aanbied vir legitimasie met die oog op die bediening in ŉ spesifieke kerkgenootskap kan tydens hulle MTh-studie die ontbrekende modules van die MDiv en/of Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening-program(me) aanvul, tot bevrediging van die betrokke kerk se legitimerende instansie.

### *Aanvullende vereistes vir die onderskeie vakke*

Die onderstaande aanvullende vereistes word vir die onderskeie vakke gestel wanneer hulle as hoofvakke vir die MTh gekies word. Studente wat nie aan dié vereistes voldoen nie, moet die ontbrekende module(s) aanvul.

- Op aanbeveling van die studieleier bepaal die Fakulteit Teologie enige addisionele vereistes wat vir ŉ bepaalde studieveld nodig mag wees.
- Die volgende vereistes geld vir die ondergenoemde vakke:
  - Ekklesiologie: Indien nodig, Latyn I.
  - Nuwe Testament: Toepaslike taalvereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal in die lig van die student se navorsingsonderwerp.
  - Ou Testament: Toepaslike taalvereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal in die lig van die student se navorsingsonderwerp.
  - Ou en Nuwe Testament: Toepaslike taalvereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal in die lig van die student se navorsingsonderwerp.
  - Sistematiese Teologie: Toepaslike vereistes soos deur die dissiplinegroep bepaal.

### *Verloop van die program*

- Na inskrywing ontvang elke student ŉ beleidsdokument van die betrokke dissiplinegroepe met duidelike riglyne insake die wedersydse verantwoordelikhede van die student en studieleier, gereelde samesprekings, vorderingsverslae, eksamenprosedures, beoordelingskriteria vir tesisse en ander reëlings van die dissiplinegroep.
- Dissiplinegroepe doen jaarliks aan die Fakulteit verslag oor die vordering van studente.

**LET WEL:** Sien verder ook die algemene bepalings vir magistergrade in verband met die betaal van ŉ addisionele heffing in Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek.

*Afhandeling van program*

1. Die finale mondelinge eksamen handel oor die voorgeskrewe bestekke en die werkstuk of tesis en (waar ter sake) die assessering van praktiese werk. Die eksamen word afgeneem deur minstens die dissiplinegroepe betrokke by die hoofvak en byvakke.
2. Wanneer kandidate vir die eksamen aanmeld, en indien ŉ tesis in die teenwoordigheid van die Fakulteit geëksamineer word, moet minstens agt kopieë voor l September (met die oog op die Desember-gradeplegtigheid) of voor l Desember (met die oog op die Maart-gradeplegtigheid) by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep ingelewer word.

*Opmerking*

Vir die tegniese voorskrifte in verband met die fisiese voorkoms, duplisering en bind van tesisse, kyk Deel 1 van die Jaarboek.

3. Die navorsingstesis se eksaminering word in ooreenstemming met die Fakulteit se "Riglyne vir Administrasie en Begeleiding van Nagraadse Studie" hanteer. ŉ Tesis word in die teenwoordigheid van die Fakulteitsraad geëksamineer.

*Opmerking*

Kyk Deel 1 van die Jaarboek vir Algemene Bepalings in verband met eksaminatore vir M-tesisse.

4. Die lengte van die navorsingswerkstuk moet ongeveer 50-60 bladsye beslaan .
5. Werkstukke word as deel van die eksamen bespreek. Minstens agt kopieë moet betyds vir die finale eksamen by die administratiewe beampte van die betrokke dissiplinegroep ingelewer word. Studente in die MTh (Praktiese Teologie: Bedieningspraktyk), MTh (Praktiese Teologie: Jeugbediening) en MTh (Praktiese Teologie: Kliniese Pastoraat) word verder ook verwys na die Nagraadse Beleids- en Ooreenkomsdokument van die Fakulteit Teologie wat met registrasie beskikbaar gestel word.
6. Die navorsingswerkstuk word intern geëksamineer en gemodereer, en ook ekstern geëksamineer.

## 7.1 MTh GESTRUKTUREERDE PROGRAMME (889-OPSIES)

### 7.1.1 MTh IN EKKLESIOLOGIE (12068:889)

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

Sien algemene MTh toelatingsvereistes.

*Duur*

Minstens een jaar.

*Inhoud van die program*

**Totaal 180 krediete**

*Kies vier kernmodules (80 krediete) uit:*

| | |
|---|---|
| Geskiedenis van die Kerk in Suid-Afrika | 872(20) |
| Geskiedenis van die Reformasie | 872(20) |
| Kerkreg | 872(20) |
| Middeleeuse Kerkgeskiedenis | 872(20) |
| Moderne Kerkgeskiedenis | 872(20) |
| Vroeë-Christelike Kerkgeskiedenis | 872(20) |

*EN kies twee modules (40 krediete) uit:*

| | |
|---|---|
| Missiologie | 872(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

**OF** enige toepaslike module in Lettere en Sosiale Wetenskappe (20 krediete)

*Navorsingswerkstuk (verpligtend) (60 krediete)*

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk Ekklesiologie | 875(60) |

### 7.1.2 MTh IN MISSIOLOGIE (50768:889)

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

Sien algemene MTh toelatingsvereistes.

*Duur*

Minstens een jaar.

*Inhoud van die program*

**Totaal 180 krediete**

*Vier kernmodules (80 krediete):*

| | |
|---|---|
| Ander Godsdienste | 872(20) |
| Geskiedenis van Missiologie | 872(20) |
| Teologie van Missiologie | 872(20) |
| Teorie, Praktyk en Gemeenskapsontwikkeling | 872(20) |

*EN kies twee modules (40 krediete) uit:*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Nuwe Testament | 872(20) |
| Ou Testament | 872(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

**OF** enige toepaslike module in Lettere en Sosiale Wetenskappe (20 krediete)

*Navorsingswerkstuk (verpligtend) (60 krediete)*

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk Missiologie | 875(60) |

### 7.1.3 MTh IN NUWE TESTAMENT (16586:889)

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

Sien algemene MTh toelatingsvereistes.

*Duur*

Minstens een jaar.

*Inhoud van die program*

**Totaal 180 krediete**

*Vier kernmodules (80 krediete):*

| | |
|---|---|
| Konteks van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Nuwe Testament | 872(20) |
| Resepsie van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Teks van die Nuwe Testament | 872(20) |

*EN kies twee modules (40 krediete) uit:*

| | |
|---|---|
| Ekklesiologie | 873(20) |
| Missiologie | 872(20) |
| Ou Testament | 873(20) |
| Praktiese Teologie | 872(20) |
| Sistematiese Teologie | 872(20) |

**OF** enige toepaslike module in Lettere en Sosiale Wetenskappe (20 krediete)

*Navorsingswerkstuk (verpligtend) (60 krediete)*

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk Nuwe Testament | 875(60) |

### 7.1.4 MTh IN OU EN NUWE TESTAMENT (50547:889)

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

Sien algemene MTh toelatingsvereistes.

*Duur*

Minstens een jaar.

*Inhoud van die program*

**Totaal 180 krediete**

*Kies vyf kernmodules (100 krediete) uit:*

| | |
|---|---|
| Konteks van die Bybel | 874(20) |
| Konteks van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Konteks van die Ou Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Bybel | 872(20) |
| Kritiek op die Nuwe Testament | 872(20) |
| Kritiek op die Ou Testament | 872(20) |
| Resepsie van die Bybel | 872(20) |
| Resepsie van die Nuwe Testament | 872(20) |
| Resepsie van die Ou Testament | 872(20) |
- Ander verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifartikels, boeke) is in Afrikaans en/of Engels.
- Moduleraamwerke en studiegidse is
  - volledig in Afrikaans en volledig in Engels, of
  - afwisselend in Afrikaans en Engels ooreenkomstig die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in die betrokke klasse.
- Transparante en dataprojeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminare, tutoriale en praktika gebruik, is Afrikaans of Engels.
- Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika van ŉ module is
  - in dieselfde klas Afrikaans en Engels, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is, of
  - afwisselend Afrikaans en Engels in verskillende klasse van ŉ module of program, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is.
- Toets- en eksamenvraestelle is volledig in Afrikaans en volledig in Engels op dieselfde vraestel.
- Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika wat vir assessering aangewend word, is
  - volledig in Afrikaans en volledig in Engels in dieselfde opdragstuk, of
  - afwisselend in Afrikaans of Engels in ooreenstemming met die taal van die nie-assesseringsmateriaal (klasnotas, moduleraamwerke, studiegidse, ens.), waar die gemiddelde gebruik van Afrikaans minstens 50% moet wees.
- Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamenvraestelle en werkopdragte kan in Afrikaans of Engels plaasvind volgens studente se voorkeur-akademiese taal.
- Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika is in die T-taalspesifikasie Afrikaans of Engels volgens hulle voorkeur-akademiese taal.

## E-spesifikasie

- Voorgeskrewe handboeke is in Engels.

- Klasnotas opgestel deur die dosent is volledig in Engels, of waar moontlik, volledig in Engels en volledig/gedeeltelik (bv. kernnotas) ook in Afrikaans.
- Ander verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifartikels, boeke) is in Engels en/of in Afrikaans.
- Moduleraamwerke en studiegidse opgestel deur die dosent is in Engels en word, waar moontlik, in Engels sowel as Afrikaans voorsien aan studente wat Afrikaans as voorkeurtaal vir studie het.
- Transparante en dataprojeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminaarklasse, tutoriale en praktika gebruik, is in Engels .
- Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika is primêr Engels, maar sleutelterme en konsepte kan ook kortliks in Afrikaans toegelig word. Studente wat vrae in Afrikaans stel, word deur die dosent in Afrikaans beantwoord. In die geval van buitelandse dosente is Afrikaans nie verpligtend nie.
- Toets- en eksamenvraestelle is volledig in Engels en volledig in Afrikaans op dieselfde vraestel.
- Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika is volledig in Engels en volledig in Afrikaans op dieselfde opdragstuk.
- Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamenvraestelle en werkopdragte deur studente is in Engels of Afrikaans.
- Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika kan in Engels of Afrikaans gedoen word, behalwe in daardie gevalle waar die dosent Afrikaans hoegenaamd nie magtig is nie.

## A & E-spesifikasie

Lesings word volledig in Afrikaans en Engels aangebied.

Onderaan die inhoud van modules word, waar toepaslik, die slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende afkortings word gebruik:

S – Slaagvoorvereiste module

V – Voorvereiste module

N – Newevereiste module

In hierdie verband geld die volgende omskrywings:

ʼn Slaagvoorvereiste module is ʼn module waarin ʼn student eers moet slaag alvorens die module(s) waarvoor dit ʼn slaagvoorvereiste is, gevolg kan word.

ʼn Voorvereiste module is ʼn module waarin ʼn klaspunt van minstens 40, of ʼn prestasiepunt van minstens 40 in die geval van ʼn module wat deurlopend geassesseer word, behaal moet word alvorens die studie in die module waarvoor dit ʼn voorvereiste is, voortgesit mag word.

ʼn Newevereiste module is ʼn module wat vóór of in dieselfde akademiese jaar gevolg moet word as die module waarop dit betrekking het.

**LET WEL:** ʼn Graad sal nie toegeken word alvorens ʼn student in al die voorgeskrewe voorvereiste en newevereiste modules geslaag het nie.

# VAKKE EN MODULES

Vir alle ander keusemodules in ander fakulteite raadpleeg die tersaaklike deel van die US Jaarboek.

| **12068 EKKLESIOLOGIE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **143** | **16** | **Kerk- en Teologiegeskiedenis: Vroeë Kerk en Middeleeue** | 2L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Om studente die nodige kennis van belangrike historiese gebeurtenisse, figure en strominge in die vroeë kerk en in die Middeleeue te laat verkry en om hulle te begelei om ȥn teologies-historiese interpretasie-raamwerk t.o.v. hierdie tydperke te vestig.

*Inhoud*

Hierdie module fokus op die kerk- en teologiegeskiedenis van die vroeë kerk en die Middeleeue. Dit kyk na belangrike gebeurtenisse, figure, leerstellings en strominge uit hierdie tydperke en vra na die kerkhistoriese betekenis daarvan vir ons tyd.

*Uitkomste*

Om kennis en insig op te doen aangaande die historiese gebeurtenisse, figure en strominge in die vroeë kerk en in die Middeleeue.

Om die integrasie van teologies-historiese kennis en vaardigheid met hulle konteks en moontlike bedieninge te bewerkstellig.

Om ȥn sensitiwiteit te ontwikkel vir die belangrikheid van die vergete of stilgemaakte stemme uit die verlede.

Om ȥn konstruktiewe leesvaardigheid en kritiese interpretasie van primêre bronne en ander kerkhistoriese literatuur te kweek.

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **213** | **8** | **15e–18e-eeuse Kerkgeskiedenis** | 1L, 1P | **T** |

*Doelstellings*

Om die algemene kerkgeskiedenis (met aandag aan die dogmageskiedenis, sendinggeskiedenis, geskiedenis van die kerkreg en spiritualiteit) vanaf die Reformasie tot die einde van die agtiende eeu binne die konteks van die tyd en met verwysing na die hedendaagse relevansie daarvan aan studente te kommunikeer.

*Inhoud*

Die geskiedenis van die kerk vanaf die Reformasie tot aan die einde van die agtiende eeu.

*Uitkomste*

Die ontwikkeling van ȥn teologies-verantwoorde insig in en kennis van die geskiedenis van die kerk vanaf die Reformasie tot aan die einde van die agtiende eeu binne die konteks van die gemelde tyd en in die lig van die relevansie daarvan vir hedendaagse

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vraagstukke.<br>*S Ekklesiologie 143 (Uitgesonderd: BTh Algemeen en BTh Jeugwerk)*<br>Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE | | | | |
| **243** | **8** | **Anglikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg** | 1L, 1P | **T** |

*Doelstellings*

Om ŉ inleiding te gee tot die bestek en hoofareas van Anglikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg.

*Inhoud*

1. Anglikaanse denke

1.1 Oor sake van geloof

1.2 Oor gesag wat morele sake betref

2. Anglikaanse geskiedenis

2.1 Die Victoriaanse kerk in die Kerk van Engeland

2.2 Die kerk in Suider-Afrika

3. Gesag in die Anglikaanse Kerk

3.1 Anglikaanse identiteit

3.2 Die gesag van die Skrif

3.3 Die orde en strukture van die Kerk

3.4 Gesag in die plaaslike gemeenskap

3.5 Gesag wat die plaaslike en universele kerk verbind

3.6 Episkopale gesag

3.7 Gesag wat geloofsake betref

4. Anglikaanse spiritualiteit

4.1 Liturgie

4.2 Die heilige nagmaal

4.3 Die leesrooster

4.4 Musikologie

4.5 Simbole

*Uitkomste*

Lewer ŉ doeltreffende bediening in ŉ Anglikaanse konteks.
Dink, besin en skryf teologies binne ŉ Anglikaanse kerkraamwerk.
Vind aansluiting by die ekumeniese gemeenskap; het ŉ besef van die kerk se verantwoordelikheid teenoor die sosiale, politieke, ekonomiese en opvoedkundige uitdagings in die hedendaagse Suid-Afrikaanse burgerlike samelewing.

| Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **342** | **8** | **Moderne Kerkgeskiedenis** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstelling*

Om die Algemene Kerkgeskiedenis van die negentiende en twintigste eeu binne die konteks van die tyd en met verwysing na die hedendaagse relevansie daarvan aan die studente te kommunikeer. Daar word onder meer aandag aan belangrike figure en strominge uit die tydperk gegee, en toepaslike temas uit die teologiegeskiedenis, sendinggeskiedenis en die geskiedenis van spiritualiteit word aan die orde gestel.

*Inhoud*

Die geskiedenis van die kerk gedurende die negentiende eeu.

Die geskiedenis van die kerk gedurende die twintigste eeu.

*Uitkomste*

Die ontwikkeling van ŉ teologies-verantwoorde insig in en kennis van die geskiedenis van die kerk gedurende die negentiende en twintigste eeue binne die konteks van die tyd en in die lig van die relevansie vir die hedendaagse vraagstukke.

*S Ekklesiologie 213 (Uitgesonderd:  BTh Algemeen en BTh Jeugwerk)*

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **442** | **6** | **Teologie van die Kerkreg** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Om studente bekend te stel aan die teologie van kerkreg.

(Hoewel primêr vanuit ŉ gereformeerde teologie gewerk sal word, sal ander teologiese oortuiginge ook in ag geneem word.)

*Inhoud*

Inleiding tot die teologies-wetenskaplike beoefening van kerkreg.

Verskillende standpunte ten opsigte van uitgangspunte, bronne en metodologie in die beoefening van kerkreg.

(Feitelike gegewens en tiperings ten opsigte van die stand van en ontwikkelinge in kerkreg en kerkregering in verskillende kerke word gegee.)

*Uitkomste*

Om studente in staat te stel om met hulle kennis van die teologie van kerkreg ŉ kerkorde te kan lees en hanteer in die praktyk van die bediening.

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| 55743 MISSIOLOGIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **142** | **8** | **Inleiding tot die Teorie en die Geskiedenis van Sending** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Die module beoog om ŉ breë oorsig oor die teorieë, metodiek en geskiedenis van wêreldwye getuienis en diens te bied. Dit fokus op die Bybelse, teologiese en sosiohistoriese dimensies van kruiskulturele, interkulturele en ander praksis-gebaseerde dimensies van die globale Christendom.

*Inhoud*

(i) Teorieë en metodiek van globale sending in teologiese paradigmas.
*Missio Dei*-teologie en -versoening deur getuienis en diens.
Interkulturele en missionale hermeneutiek.
Spiritualiteit van gasvryheid, kwesbaarheid en waagmoedige getuienis.
Metodiek van getuienis as evangelisasie (bv. vriendskap- en diensevangelisasie).
Teorieë en metodiek van globale getuienis en diens – gevallestudiebenadering tot denominasies en gemeentes.
Korttermynuitreike.
Kerkplanting en kerkgroei of nuwegemeente-ontwikkelingsmodel.
Kontekstualisasie en inkulturasie.
Interkulturele kommunikasie en getuienis.
Teorieë en metodiek in ŉ groeiende globale praksis.
(ii) Teorieë en metodiek van globale sending in historiese paradigmas
Historiese gevallestudies van kruiskulturele en interkulturele getuienis, diens en dialoog.
Geskiedenis van die moderne sendingbeweging: kronologie, temas en diens.
Kruiskulturele en interkulturele prosesse in die geskiedenis van globale getuienis en diens.
Historiese golwe en patrone van denominasionele getuienis en diens.
Geskiedenis van die ontluikende missionale beweging: kronologie, temas en metodiek.

*Uitkomste*

Om omvattende begrip aan te leer vir paradigmatiese, tematiese en gevallestudie-benaderings tot die teorieë, metodiek en geskiedenis van globale getuienis en diens.

Ontwikkeling van ŉ interkulturele en missionale hermeneutiese benadering tot getuienis.

Om inleidend kennis te maak met die teorieë, metodiek en geskiedenis van getuienis en diens in missionêre bewegings (negentiende tot een-en-twintigste eeu) en missionale gemeentes (sedert die 1980's).

Om kruiskulturele en interkulturele analitiese en interpretasievaardighede te verkry van temas en gevallestudies van getuienis en diens in die missionêre bewegings en missionale gemeentes.

Om begrip te ontwikkel vir ŉ omvattende verstaan van *missio Dei*-teologieë, -versoening, -diens en -getuienis van geselekteerde denominasies.

Groei in ŉ missionale spiritualiteit van gasvryheid, kwesbaarheid en waagmoedige getuienis en diens.

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **244** | **16** | **Afrikagodsdienste en Ekumene** | 2L, 1P | **T** |

*Doelstellings*

Om insig te gee in die geskiedenis en hoofmomente van godsdienste wat ŉ rol speel in Suider-Afrika.

Om te help met die bevordering van dialoog: Christelike geloof en ander geloofstradisies.

Om studente bewus te maak van interpatie: sensitiwiteit en respek vir die rolle van en verhouding tussen verskillende godsdienste.

Om die geskiedenis, funksionering en missionêre konteks van die ekumene te verstaan.

Om ŉ oorsig oor die historiese verloop van sending teen die agtergrond van die ekumeniese beweging te verkry.

*Inhoud*

Studie van geselekteerde godsdienste (tradisionele Afrika-godsdienste, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme).

Riglyne vir dialoogvoering met ander godsdienste.

Teologiese verantwoording van die siening van verhoudinge tussen geloofstradisies.

Die missionêre wortels van die ekumeniese beweging.

Die verband tussen sending en ekumene: Internasionale Sendingraad; Wêreldraad van Kerke en Evangeliese sendingbewegings.

Sending by Rooms-Katolieke, Ortodokse en ander Christelike tradisies.

Agtergrond tot ŉ ekumeniese sendingparadigma.

*Uitkomste*

Kennis van, en begrip en sensitiwiteit vir, die beskouinge, praktyke en geloofswaardes van aanhangers van ander geloofstradisies.

Die vermoë om in dialoog te kan tree met aanhangers van ander geloofstradisies.

ŉ Teologies-verantwoorde siening van verhoudinge tussen geloofstradisies.

Die ontwikkeling van ŉ teologies-verantwoorde begrip vir die betekenis van die ekumene vir sending en vir die plek van ŉ ekumeniese sendingparadigma in die postmoderne era.

*S Missiologie 142*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **414** | **12** | **Godsdienste in Afrika** | 2L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Om insig te gee in die geskiedenis en hoofmomente van godsdienste wat ŉ rol speel in Suider-Afrika.

Om te help met die bevordering van dialoog: Christelike geloof en ander geloofstradisies.

Om studente bewus te maak van interpatie: sensitiwiteit en respek vir die rolle van en verhouding tussen verskillende godsdienste.

*Inhoud*

Studie van geselekteerde godsdienste (tradisionele Afrika-godsdienste, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme).
Riglyne vir dialoogvoering met ander godsdienste.
Teologiese verantwoording van die siening van verhoudinge tussen geloofstradisies.

*Uitkomste*

Kennis van, en begrip en sensitiwiteit vir, die beskouinge, praktyke en geloofswaardes van aanhangers van ander geloofstradisies.
Die vermoë om in dialoog te kan tree met aanhangers van ander geloofstradisies.
ŉ Teologies-verantwoorde siening van verhoudinge tussen geloofstradisies.
Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| **444** | **12** | **Ekumene** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

(Aangebied in samehang met Sistematiese Teologie en Ekklesiologie)

*Doelstellings*

Om die geskiedenis, funksionering en missionêre konteks van die ekumene te verstaan.

Om ŉ oorsig oor die historiese verloop van sending teen die agtergrond van die ekumeniese beweging te verkry.

*Inhoud*

Die missionêre wortels van die ekumeniese beweging.
Die verband tussen sending en ekumene: Internasionale Sendingraad; Wêreldraad van Kerke en Evangeliese sendingbewegings.
Sending by Rooms-Katolieke, Ortodokse en ander Christelike tradisies.
Agtergrond tot ŉ ekumeniese sendingparadigma.

*Uitkomste*

Die ontwikkeling van ŉ teologies-verantwoorde begrip vir die betekenis van die ekumene vir sending en vir die plek van ŉ ekumeniese sendingparadigma in die postmoderne era.
Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

## 16586 NUWE TESTAMENT

| **213** | **8** | **Sinoptiese Evangelies** | 1L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Inleiding tot die wetenskaplike bestudering van die Sinoptiese Evangelies en Handelinge.
Begrip vir die eie aard van die Evangelies en Handelinge as antieke verhale.

Insig in die "historiese Jesus"-vraagstuk.
Die interpretasie van verhalende tekste.

*Inhoud*

Die genre van die Evangelies.
Die Sinoptiese vraagstuk.
Oorsig oor die metodes van evangelie-ondersoek.
Kultuurhistoriese agtergrond en boodskap van die betrokke tekste.
Die "historiese Jesus"-vraagstuk.
Sentrale teologiese en etiese temas in die betrokke tekste en die eietydse relevansie daarvan.

*Uitkomste*

Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.
Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.
Insig in die literêre vorm en genre van die betrokke tekste.
Die vermoë om verhalende tekste te lees, te vertaal en teologies te interpreteer.
Insig in die relevansie van die verhalende tekste van die Nuwe Testament vir die teologie en etiek in Suider-Afrika.

*S Ou en Nuwe Testament 114 en 144*

Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| **262** | **8** | **Die Briewe van Paulus** | 1L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Inleiding in die wetenskaplike bestudering van die briefliteratuur van Paulus.
Begrip vir die aard van die briewe as argumentatiewe tekste.
Insig in die Paulus-Jesus-vraagstuk.
Die interpretasie van argumentatiewe tekste.
Insig in die koherensie en kontingensie van die teologie van Paulus.

*Inhoud*

Die genre van die brief – retories en epistolêr.
Die kronologie van Paulus.
Oorsig oor die Paulus-ondersoek.
Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.
Sentrale teologiese en etiese temas in die betrokke tekste van Paulus.

*Uitkomste*

Insig in die literêre vorm en genre van die briewe van Paulus.
Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.
Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.
Die vermoë om argumentatiewe tekste te lees, te vertaal en teologies te interpreteer.

Vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die briewe van Paulus in samehang met ander dissiplines teologies toe te pas met die oog op die eise van die kerk en samelewing.

Insig in die relevansie van die briewe van Paulus vir die eie moderne konteks in Suider-Afrika.

*S Ou en Nuwe Testament 114 en 144*

Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| **312** | **8** | **Johannese Literatuur** | 1L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

(In samewerking met die Departement Antieke Studie – Grieks)

*Doelstellings*

Inleiding tot die wetenskaplike bestudering van die Johannese literatuur.

Insig in die verhouding tussen die Sinoptiese Evangelies en die Johannes-evangelie.

Begrip vir die aard van die Evangelie van Johannes as antieke verhaal.

Begrip vir die aard van die briewe as argumentatiewe tekste.

Die interpretasie van apokaliptiese literatuur.

Die interpretasie van argumentatiewe tekste.

Insig in die kenmerkende bydrae van die teologie van Johannes.

*Inhoud*

Die genre van die Evangelie van Johannes.

Oorsig oor tendense in die Johannese ondersoek.

Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.

Die Christus-belydenis van die Johannese gemeenskap.

Sentrale teologiese en etiese temas in die betrokke tekste.

*Uitkomste*

Insig in die literêre vorm en genre van die betrokke tekste.

Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.

Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.

Die vermoë om apokaliptiese tekste te kan lees, vertaal en teologies te interpreteer.

Insig in die relevansie van die Johannese literatuur – inbegrepe die apokaliptiese tekste – vir die teologie en die etiek in die huidige Suider-Afrika.

Die vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die Johannese literatuur in samehang met ander dissiplines teologies toe te pas met die oog op die eise van die geloofsgemeenskap en die samelewing.

*S Nuwe Testament 213 en 262 (Vir BTh Algemeen en BTh Jeugwerk: slegs S Nuwe Testament 213)*

Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| 342 | 8 | **Algemene Briewe en Hebreërs** | 1L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

(In samewerking met die Departement Antieke Studie – Grieks)

*Doelstellings*

Inleiding tot die wetenskaplike bestudering van die algemene briewe en Hebreërs.
Begrip vir die aard van die briewe as argumentatiewe tekste.
Insig in die kultuurhistoriese konteks van die wêreld waarin hierdie tekste funksioneer.
Die interpretasie van argumentatiewe tekste.
Insig in die teologie van die algemene briewe.

*Inhoud*

Die genre van die brief – retories en epistolêr.
Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.
Die vroeë kerk volgens die algemene briewe.
Sentrale teologiese temas in die betrokke tekste en die relevansie daarvan tans.

*Uitkomste*

Insig in die literêre vorm en genre van die betrokke tekste.
Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.
Begrip van die kultuurhistoriese invloed op die algemene briewe en Hebreërs.
Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.
Die vermoë om die betrokke tekste te lees, te vertaal en teologies te interpreteer.
Insig in die relevansie van die algemene briewe en Hebreërs vir die teologie en etiek in die huidige Suider-Afrika.
Die vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die betrokke tekste in samehang met ander dissiplines toe te pas met die oog op die eise van die kerk en samelewing.
*S Nuwe Testament 213 en 262 (Vir BTh Algemeen en BTh Jeugwerk: slegs S Nuwe Testament 213)*
Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| 414 | 12 | **Johannese Literatuur** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

(In samewerking met die Departement Antieke Studie – Grieks)

*Doelstellings*

Inleiding tot die wetenskaplike bestudering van die Johannese literatuur.
Insig in die verhouding tussen die Sinoptiese Evangelies en die Johannes-evangelie.
Begrip vir die aard van die Evangelie van Johannes as antieke verhaal.
Begrip vir die aard van die briewe as argumentatiewe tekste.
Die interpretasie van apokaliptiese literatuur.
Die interpretasie van argumentatiewe tekste.
Insig in die kenmerkende bydrae van die teologie van Johannes.

*Inhoud*

Die genre van die Evangelie van Johannes.
Oorsig oor tendense in die Johannese ondersoek.
Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.
Die Christus-belydenis van die Johannese gemeenskap.
Sentrale teologiese en etiese temas in die betrokke tekste.

*Uitkomste*

Insig in die literêre vorm en genre van die betrokke tekste.
Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.
Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.
Die vermoë om apokaliptiese tekste te kan lees, vertaal en teologies te interpreteer.
Insig in die relevansie van die Johannese literatuur – inbegrepe die apokaliptiese tekste – vir die teologie en die etiek in die huidige Suider-Afrika.
Die vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die Johannese literatuur in samehang met ander dissiplines teologies toe te pas met die oog op die eise van die geloofsgemeenskap en die samelewing.
Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **444** | **12** | **Algemene Briewe en Hebreërs** | 2L, 1T | **T** |

(In samewerking met die Departement Antieke Studie – Grieks)

*Doelstellings*

Inleiding tot die wetenskaplike bestudering van die algemene briewe en Hebreërs.
Begrip vir die aard van die briewe as argumentatiewe tekste.
Insig in die kultuurhistoriese konteks van die wêreld waarin hierdie tekste funksioneer.
Die interpretasie van argumentatiewe tekste.
Insig in die teologie van die algemene briewe.

*Inhoud*

Die genre van die brief – retories en epistolêr.
Kultuurhistoriese agtergrond en teologie van die betrokke tekste.
Die vroeë kerk volgens die algemene briewe.
Sentrale teologiese temas in die betrokke tekste en die relevansie daarvan tans.

*Uitkomste*

Insig in die literêre vorm en genre van die betrokke tekste.
Insig in die kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.
Begrip van die kultuurhistoriese invloed op die algemene briewe en Hebreërs.
Die vermoë om die toepaslike metode van teksinterpretasie te identifiseer en te gebruik.
Die vermoë om die betrokke tekste te lees, te vertaal en teologies te interpreteer.
Insig in die relevansie van die algemene briewe en Hebreërs vir die teologie en etiek in

die huidige Suider-Afrika.

Die vermoë om die teologiese en etiese dimensies van die betrokke tekste in samehang met ander dissiplines toe te pas met die oog op die eise van die kerk en samelewing.

Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

**50547 OU EN NUWE TESTAMENT**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **114** | **16** | **Inleiding tot die Ou en Nuwe Testament** | 2L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

ŉ Inleidende en oriënterende module aangaande die studie van die Ou en Nuwe Testament.

*Inhoud*

Die module bied ŉ breë oorsig oor die kuns en tegniek van Bybelinterpretasie wat fokus op die teks, konteks en resepsie van die Bybel.

Die module sluit die unieke aspekte van die interpretasie van die Bybel in, sowel as die historiese en sosio-kulturele kontekste van die boeke van die Ou en Nuwe Testament.

*Uitkomste*

Ontwikkeling van begrip vir die unieke aard van die Bybel, insluitende kennis van die diverse literêre genres wat in die onderskeie boeke van die Ou en Nuwe Testament omvat word, sowel as die historiese en sosio-kulturele kontekste van hierdie boeke.

Ontwikkeling van ŉ hermeneutiese benadering tot Teologie en die interpretasie van die Bybel, wat kennis insluit van die onderskeie metodologiese benaderings wat gebruik word om die Bybel te interpreteer.

Inleidende kennismaking met eksegetiese teorie en praktyk.

Verkryging van analitiese en kritiese Engelse leesvaardighede.

Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **144** | **16** | **Verhalende Literatuur in die Bybel** | 2L, 2T | **T** |

*Doelstellings*

Inleiding en oriëntering tot die bestudering van Bybelse narratiewe binne hulle onderskeie sosiohistoriese kontekste.

Bestudering van die aard van die narratiewe genre en antieke historiografie tesame met die gebruik van gepaste metodologieë.

In die Ou-Testamentiese gedeelte word gefokus op die Deuteronomistiese geskiedenis, Esra-Nehemia en Kronieke.

In die Nuwe-Testamentiese gedeelte val die fokus op Handelinge (tesame met aspekte van die Sinoptiese Evangelies).

*Inhoud*

Inleiding tot die verhalende genres in die Bybelse tekste.

Inleiding tot die narratologiese modelle waarmee verhalende tekste in die Bybel geïnterpreteer word.

Inleiding tot die kenmerke en dinamika van antieke en Bybelse historiografie.

Inleiding tot die Deuteronomistiese geskiedenis, sowel as Kronieke en Esra-Nehemia.

Inleiding tot Handelinge (en verwante Evangelie-literatuur).

ŉ Diensleer-komponent (wat 1 uit 16 krediete dra) wat in ŉ gemeentelike konteks uitgevoer sal word, en wat leer d.m.v. die praktiese beplanning, ontwikkeling en implementering van programme onder sekondêre-skoolleerders sal fasiliteer.

*Uitkomste*

Identifikasie van die literêre vorm van ŉ teks en die verduideliking van die verhalende genres in Bybelse tekste.

Demonstrasie van die basiese aspekte van die gebruik van gepaste metodologieë in die lees en analise van Bybelse narratiewe.

Beskrywing van die sosiohistoriese konteks van Bybelse narratiewe en die verduideliking van die belang daarvan vir die interpretasie van narratiewe.

Demonstrasie van die basiese vaardigheid om narratiewe tekste te lees, te vertaal en in ŉ teologiese konteks te verduidelik.

Ontwikkeling van ŉ basiese verstaan van hoe Bybelse historiografie in verhalende formaat kommunikeer.

Aanduiding van die relevansie van narratiewe Bybelse tekste vir teologie en etiek in die kontemporêre wêreld.

Demonstrasie van die basiese vermoë om praktiese programme vir implementering in gemeentelike kontekste te ontwerp, waardeur bekendheid met die verhalende en historiografiese genres in die Bybel onder veral sekondêre-skoolleerders gefasiliteer word.

Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **234** | **16** | **Gender en die Bybel** | 2L, 1P | **T** |

(Die module kan jaarliks met ŉ Ou Testament- of ŉ Nuwe Testament- of ŉ Ou en Nuwe Testament-fokus aangebied word.)

*Doelstellings*

Eksegetiese, literêre en teologiese studie van gender en/in die Bybel. Spesiale aandag sal gegee word aan globale en multikulturele perspektiewe in die besinning oor die verhouding gender en Bybel, met inagneming van verskillende kulturele, sosiale, ekonomiese en politieke kontekste.

*Inhoud*

Van die volgende komponente en temas sal in verskillende modusse en kombinasies, en

in samehang met verskillende tekste aan die orde kom:

- Verskillende teoretiese en metodologiese benaderings (o.a. Feministies, Postkoloniaal, Gender-krities, Queer-teoreties)
- Sosiohistoriese konteks van die Bybel (met betrekking tot gender-sake)
- Mans, vroue en kinders in/en die Bybel
- Liggaamlikheid, gender, geslagtelikheid en die Bybel
- Seks, seksualiteit (o.a. hetero- en homoseksualiteit) en die Bybel
- Gender-taal, -retoriek, lesers en die Bybel
- Teologiese perspektiewe

*Uitkomste*

Duidelike begrip van die teoretiese, literêre en eksegetiese aspekte met betrekking tot gender en die Bybel.
Eksegese-vaardighede ten opsigte van Bybeltekste belangrik in gender-kritiese Bybelinterpretasie.
Geïntegreerde, samehangende verstaan van die dissiplinegroep se fokus op teks/konteks/resepsie in terme van die krities-konstruktiewe studie van Bybeltekste.
Sinvolle artikulasie van die impak van ŉ persoon se kulturele en sosiale posisie in gender-kritiese interpretasie.
Gepaste formulering van gender-kritiese perspektiewe aan die hand van die Bybel wat menswaardigheid in die hand werk, met die oog op verskillende toepaslike kontekste (samelewing, akademie, en/of kerk).
Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **324** | **16** | **Argeologie van die Antieke Wêreld** | 2L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Hierdie keusemodule bied die moontlikheid om inleidende oriëntering mbt argeologie van die Antieke Wêreld te ontvang, asook praktiese ervaring in die nuutste argeologiese metodes.

*Inhoud*

Oriëntering tot argeologie van die Antieke Wêreld as historiese dissipline;
Inleiding tot Argeologiese metodes;
Inleiding tot die identifisering en kategorisering van artefakte;
Inleiding tot argeologiese opgrawingsplekke in Israel/Griekeland/Turkye;
Praktiese ervaring mbt argeologie.

*Uitkomste*

Na voltooiing van die module sal die student …

- Gevorderde kennis hê oor argeologie van die Antieke Wêreld as historiese disipline;
- ŉ Deeglike oorsig hê oor die geskiedenis van argeologiese metodes en navorsing;
- ŉ Deeglike oriëntering hê mbt die vernaamste argeologiese opgrawingsplekke in Israel/Griekeland/Turkye;
- ŉ Goed-ontwikkelde vaardigheid hê om argeologiese artefakte te identifiseer en kategoriseer;
- Praktiese ervaring hê in argeologiese opgrawings in Israel/Griekeland/Turkye.

Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

**17418 OU TESTAMENT**

| **213** | **8** | **Pentateug** | 1L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van die eerste vyf Bybelboeke van die Ou Testament.

*Inhoud*

Die kultuurhistoriese agtergrond van die ontstaan van die Pentateug in die kanon van die Ou Testament.
Die teologiese interpretasie van die eerste vyf Bybelboeke aan die hand van belangrike teologies-etiese temas.
Die Pentateugvraagstuk.

*Uitkomste*

Die vermoë om die kanoniese ontstaan van die Pentateug teen die betrokke kultuurhistoriese agtergrond te verstaan.
Insig in die teologies-etiese samehang van die eerste vyf Bybelboeke.
Begrip vir die dialektiese verband tussen onderrig en verhaal in die Pentateug.
Die vermoë om Pentateug te lees, te vertaal en teologies te eksegetiseer.
*S Ou en Nuwe Testament 114 en 144*
Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| **252** | **8** | **Profetiese Literatuur** | 1L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van die profetiese literatuur van die Ou Testament, met die fokus op die groot profete.

*Inhoud*

Die kultuurhistoriese agtergrond van die ontstaan van profetiese literatuur in die kanon van die Ou Testament.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Die historiese ontwikkeling van profetisme in die Ou Testament aan die hand van die groot profete.<br>Die eksegese van profetiese literatuur in die Ou Testament, met besondere aandag aan die groot profete.<br>Teologies-etiese temas in die groot profete van die Ou Testament.<br>*Uitkomste*<br>Die vermoë om die kultuurhistoriese invloed op die kanonvorming van die groot profete in die Ou Testament te bepaal.<br>Insig in die geskiedenis van profetisme in die Ou Testament, aan die hand van die groot profete.<br>Die teologiese interpretasie van die groot profete in die Ou Testament.<br>Die identifikasie en beskrywing van teologiese en etiese temas in die groot profete van die Ou Testament.<br>*S Ou en Nuwe Testament 114 en 144*<br>Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT | | | | |
| **312** | **8** | **Liriese Literatuur** | 1L, 1T | **T** |
| (In samewerking met die Departement Antieke Studie – Bybelse Hebreeus)<br>*Doelstellings*<br>Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van liriese literatuur (Psalms, Klaagliedere en Hooglied) in die Ou Testament.<br>*Inhoud*<br>Die kultuurhistoriese omstandighede van die ontstaan van die liriese literatuur in die kanon van die Ou Testament.<br>Die geskiedenis van die tempeldiens in die Ou Testament.<br>Die eksegese van liriese literatuur in die Ou Testament.<br>Teologiese en etiese temas in die liriese literatuur in die Ou Testament.<br>*Uitkomste*<br>Die vermoë om die kultuurhistoriese invloed op die kanonvorming van die liriese literatuur van die Ou Testament te bepaal.<br>Insig in die historiese ontwikkeling van die tempeldiens in die Ou Testament.<br>Die teologiese interpretasies van die Psalms, Klaagliedere en Hooglied.<br>Die identifikasie en beskrywing van teologiese en etiese temas in die liriese literatuur van die Ou Testament.<br>*S Ou Testament 213 en 252 (Vir BTh Algemeen en BTh Jeugwerk: slegs S Ou Testament 213)*<br>Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT | | | | |

| **342** | **8** | **Wysheidsliteratuur** | 1L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

(In samewerking met die Departement Antieke Studie – Bybelse Hebreeus)

*Doelstellings*

Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

*Inhoud*

Kultuurhistoriese invloed op die kanoniese gestalte van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.
Die geskiedenis van wysheidsonderrig in die Ou Testament.
Die eksegese van wysheidsliteratuur in die Ou Testament.
Teologiese en etiese temas in die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

*Uitkomste*

Die vermoë om die kultuurhistoriese invloed op die kanonvorming van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament te bepaal.
Insig in die historiese ontwikkeling van wysheidsonderrig in die Ou Testament.
Die teologiese interpretasie van wysheidsliteratuur in die Ou Testament.
Die identifisering en beskrywing van teologiese en etiese temas in wysheidsliteratuur in die Ou Testament.
*S Ou Testament 213 en 252 (Vir BTh Algemeen en BTh Jeugwerk: slegs S Ou Testament 213)*
Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT

| **414** | **12** | **Liriese Literatuur in die Ou Testament** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

(In samewerking met die Departement Antieke Studie – Bybelse Hebreeus)

*Doelstellings*

Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van liriese literatuur (Psalms, Klaagliedere en Hooglied) in die Ou Testament.

*Inhoud*

Die kultuurhistoriese omstandighede van die ontstaan van die liriese literatuur in die kanon van die Ou Testament.
Die geskiedenis van die tempeldiens in die Ou Testament.
Die eksegese van liriese literatuur in die Ou Testament.
Teologiese en etiese temas in die liriese literatuur in die Ou Testament.

*Uitkomste*

Die vermoë om die kultuurhistoriese invloed op die kanonvorming van die liriese literatuur van die Ou Testament te bepaal.
Insig in die historiese ontwikkeling van die tempeldiens in die Ou Testament.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Die teologiese interpretasies van die Psalms, Klaagliedere en Hooglied.<br>Die identifikasie en beskrywing van teologiese en etiese temas in die liriese literatuur van die Ou Testament.<br>Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT | | | | |
| **444** | **12** | **Wysheidsliteratuur in die Ou Testament** | 2L, 1T | **T** |
| (In samewerking met die Departement Antieke Studie – Bybelse Hebreeus)<br>*Doelstellings*<br>Inleiding tot die teologies-wetenskaplike bestudering van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.<br>*Inhoud*<br>Kultuurhistoriese invloed op die kanoniese gestalte van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.<br>Die geskiedenis van wysheidsonderrig in die Ou Testament.<br>Die eksegese van wysheidsliteratuur in die Ou Testament.<br>Teologiese en etiese temas in die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.<br>*Uitkomste*<br>Die vermoë om die kultuurhistoriese invloed op die kanonvorming van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament te bepaal.<br>Insig in die historiese ontwikkeling van wysheidsonderrig in die Ou Testament.<br>Die teologiese interpretasie van wysheidsliteratuur in die Ou Testament.<br>Die identifisering en beskrywing van teologiese en etiese temas in wysheidsliteratuur in die Ou Testament.<br>Tuisdepartement: OU EN NUWE TESTAMENT | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **50776 PRAKTIESE TEOLOGIE** | | | | |
| **112** | **8** | **Teologiese Begronding vir Jeugwerk** | 1L, 1T | **T** |
| *Doelstellings*<br>Om studente te begelei in die ontwikkeling van die kennis om jeugwerk teologies te kan begrond.<br>*Inhoud*<br>Kennis van die hoofkonsepte in jeugwerk.<br>Kennis van die teologiese begronding van jeugwerk.<br>Kennis van die implikasie van die teologiese begronding van jeugwerk vir die praktyk in jeugwerk. | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Uitkomste*<br>Om die hoofkonsepte en teorieë van die dissipline te verstaan.<br>Kennis van die teologiese raamwerk vir jeugwerk.<br>Om die belangrikheid van die teologiese begronding van jeugwerk te verstaan.<br>Om die implikasies van die teologiese raamwerk vir die praktyk in jeugwerk te verstaan.<br>Die vaardigheid om teologiese begronding in die jeugwerk-praktyk te identifiseer.<br>Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE | | | | |
| **144** | **16** | **Middelafhanklikheid en Groepwerk** | 2L, 1P, 1T | **T** |
| *Doelstellings*<br>Die module wil studente toerus met die noodsaaklike kennis, vaardighede, waardes en professionele benaderings om middelmisbruik en afhanklikheid die hoof te kan bied binne beradings- en gemeenskapskontekste, met spesifieke verwysing na alkoholisme. Dit behels die assessering en ontwikkeling van behandelingsplanne en die benutting van gemeenskapsbronne ten einde middelmisbruik die hoof te kan bied ter wille van die individu, gesin, groep en gemeenskap.<br>*Inhoud*<br>Kennis, vaardighede, waardes en professionele benaderings om middelmisbruik en verslawing die hoof te bied.<br>Die assessering en ontwikkeling van behandelingsplanne en benutting van bronne in die gemeenskap.<br>Fasilitering van ʼn groep.<br>Die hantering van middelmisbruik ten bate van die individu, gesin, groep en gemeenskap.<br>*Uitkomste*<br>Omvattende kennis en begrip van die sleutelbegrippe en terme wat verband hou met verslawing en middelmisbruik.<br>Ontwikkeling van begrip vir die faktore wat verband hou met alkoholmisbruik/alkoholisme onder die jeug en die impak van ouers se alkoholisme op die jeug.<br>Ontwikkeling van vaardighede om in staat te wees om middelmisbruik en afhanklikheid te assesseer.<br>Breë kennis van groepwerkteorievorming.<br>Verwerwing van basiese groepfasiliteringsvaardighede om intervensieplanne te ontwikkel en te implementeer t.o.v. persone wat lei aan chemiese afhanklikheid en hulle gesinne.<br>Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE | | | | |

| 212 | 8 | **Benaderings tot Jeugwerk** | 1L | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om aan studente die verskillende benaderings binne die vakgebied jeugwerk oor te dra.

*Inhoud*

Teorie van die verskillende benaderings tot jeugwerk
Die teologiese grondslae vir die onderskeie benaderings
Die gesinsbenadering
Die missionêre benadering
Die relasionele benadering
Die evangelistiese benadering
Die inklusiewe gemeentelike benadering
Die gemeenskapsbenadering

*Uitkomste*

Beskik oor kennis van verskillende benaderings tot jeugwerk.
Kan die onderskeie benaderings krities beoordeel.
Toon die vermoë om verskillende benaderings tot jeugwerk binne ŉ bepaalde konteks uit te ken.
Kan toepaslike benaderings tot jeugwerk vir ŉ bepaalde konteks ontleed.
Het die vermoë ontwikkel om verskillende benaderings tot jeugwerk in ŉ bepaalde konteks toe te pas.

*S Praktiese Teologie 112 en 144 en S Praktiese Teologie en Missiologie 112 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie en Missiologie 112)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| 222 | 8 | **Inleiding tot Pastorale Berading** | 1L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Die verstaan van die verband tussen die eiesoortigheid van die pastorale teologie en antropologie en die invloed daarvan op ŉ gespreksmodel vir die pastorale bediening. Dit wil studente se basiese gespreksvaardighede ontwikkel met die oog op pastorale berading en terapie en ŉ sensitiwiteit ontwikkel vir die vraagstuk van interkulturaliteit in kruiskulturele kommunikasie.

*Inhoud*

Teologiese basisteorie: wat is pastoraat (cura animarum)?
Die behandeling van verskillende pastorale metafore ten einde die teologiese aard van sorg, troos en hulpverlening te verstaan.
Pastorale antropologie.

*Uitkomste*

Die ontwikkeling van ŉ teologiese verstaan van pastorale sorg as ŉ teologiese en

wetenskaplike strewe in ŉ interdissiplinêre benadering.

Kennis van die teorie van pastorale sorg as ŉ teologiese en wetenskaplike strewe.

Kennis van die teorie van ŉ interdissiplinêre benadering tot die veld van pastorale sorg.

Die ontwikkeling van kommunikasievaardighede vir berading en pastorale beraad.

Die vaardigheid om beradingsvaardighede binne die pastorale konteks te kan beoefen.

*S Praktiese Teologie 112 en 144 en S Praktiese Teologie en Missiologie 112 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie en Missiologie 112)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| **234** | **16** | **Kinderbediening** | 2L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om studente te begelei om kennis van die teoretiese onderbou en teologie van kinderbediening te ontwikkel; ook om studente ŉ praktiese begrip van kinderbediening te gee aan die hand van onderwerpe soos hermeneutiek en verskillende benaderings tot en interpretasies van kinderbediening.

*Inhoud*

Die teoretiese onderbou en teologie van kinderbediening.

Praktiese begrip van kinderbediening: hermeneutiek, verskillende benaderings tot interpretasies van kinderbediening.

*Uitkomste*

Verstaan die teologiese teorie van kinderbediening.

Beskik oor kennis van die hermeneutiek wat betrokke is wanneer vir kinderbediening voorberei word.

Verstaan en gebruik verskillende benaderings tot kinderbediening.

Pas verskeie vaardighede toe wat met die kinderbedieningspraktyk verband hou.

Verstaan wat die Suid-Afrikaanse kinder- en gesinswetgewing behels.

*S Praktiese Teologie 112 en 144 en S Praktiese Teologie en Missiologie 112 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie en Missiologie 112)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| **244** | **16** | **Organisasie en Beplanning van Jeugwerk** | 2L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om studente te begelei om kennis en begrip te verkry van die beplannings- en organisatoriese proses by jeugwerk.

*Inhoud*

Die strategiesebeplanningsproses.

Organisatoriese werking.

Leierskapstyle in die bediening.

ʼn Begrip van die dinamika van kerklike, parakerklike en ander jeugorganisasies.
Die werwing en opleiding van vrywilligers.
Die toepassing van verskeie beplannings- en organisatoriese jeugwerkstrategieë in die praktyk.

*Uitkomste*

Verstaan die proses van beplanning en organisasie binne jeugwerk.
Beskik oor kennis van die verskillende teorieë oor strategiese beplanning in die bediening.
Weet hoe om vrywilligers te werf en op te lei.
Kan die verskillende leierskapstyle in jeugbediening herken en hulle op gepaste maniere ontwikkel.

*S Praktiese Teologie 112 en 144 en S Praktiese Teologie en Missiologie 112 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie en Missiologie 112)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **254** | **16** | **Jeugverwante Pastorale Sorg** | 2L, 1P | **T** |

*Doelstellings*

Om studente begrip te gee vir die hedendaagse kwessies waarmee Suid-Afrikaanse jongmense te doen kry in die konteks van die gemeenskap en samelewing – kwessies soos tienerseksualiteit en MIV/vigs, eetversteurings, depressie, bendebetrokkenheid, middelmisbruik, geweld en selfmoord; die module fokus op die geestelike vorming van jongmense wat voor hierdie kwessies te staan kom.

*Inhoud*

Tienerseksualiteit en MIV/vigs
Eetversteurings
Depressie
Bendebetrokkenheid
Geweld en selfmoord onder SA jongmense
Middelmisbruik
Die geestelike vorming van jongmense

*Uitkomste*

Ken verskeie benaderings/moontlikhede wat berading en die bou van verhoudings betref wanneer daar met jongmense gewerk word.
Verstaan die kwessies wat by tienerseksualiteit ter sprake is.
Verstaan die verband tussen lewensorg en geestelike sorg, heling en berading.
Pas die beginsels van pastorale sorg toe op gemeenskapsorg en sorg aan mense wat by bendebedrywighede betrokke is.
Ontwikkel ʼn sisteembenadering tot lewensprobleme en die begrip “mag”.
Pas die beginsels van pastorale sorg toe op jongmense wat met middelmisbruik sukkel.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *S Praktiese Teologie 112 en 144 en S Praktiese Teologie en Missiologie 112 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie en Missiologie 112)*<br>Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE | | | | |
| **262** | **8** | **Bedieningspraktyk** | 1L, 1P | **T** |

*Doelstellings*

Die doel van die module is die ontwikkeling van ŉ geïntegreerde prakties-teologiese ekklesiologie met die oog op die bediening in Christelike geloofsgemeenskappe.

Die module ontwikkel verder studente se basiese bedieningsvaardighede met die oog op Christelike leierskap in geloofsgemeenskappe.

*Inhoud*

Teologiese basisteorie: Wat is bediening en wat is die vaardighede wat nodig is om leiding in die bediening te neem? Dit sluit in:

Kontekstuele analise – die rol en belang van ŉ kultuur hermeneutiek

Die rol van die Skrif en tradisie – Skrifhantering, dissipelskap en geloofsonderskeiding

Bedieningspraktyke – liturgiek, prediking, lering, pastorale sorg en diens

Rol van leierskap en prosesse – verhoudings, konflik, prosesse en leierskap

*Uitkomste*

Verwerwing van ŉ konseptuele begrip van bedieningspraktyk en ŉ prakties-teologiese ekklesiologie.

Ontwikkel van ŉ basisteorie vir die bediening.

Die vermoë om kontekstuele analises te kan doen.

Hermeneutiese vaardighede in Skrifhantering.

Die ontwikkel van ŉ basiese begrip oor die rol van leierskap en prosesse in geloofsgemeenskappe.

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **314** | **16** | **Homiletiek en Liturgie** | 2L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

ŉ Basiese inleiding tot die teorie van kommunikasie, met die oog op preek- en gespreksvaardighede.

Om teologies te besin oor die rol van ŉ sinvolle liturgie en in besonder van die prediking in die vorming van geloofsgemeenskappe.

Om studente in te lei in die belangrike aspekte van eietydse liturgievorming en ontwikkeling in gemeenteverband.

Om, in aansluiting by Hermeneutiek, Ou en Nuwe Testament en Sistematiese Teologie, die Skrif so te interpreteer dat dit gehoor word as die dinamiese Woord van God in die tyd waarin ons leef.

Om die dinamiek van die preekmaak- en -leweringsproses te verstaan as ŉ hermeneutiese proses binne die dialoog tussen Woord en situasie.

Om onder leiding van supervisors teologies-verantwoorde liturgiese en homiletiese ontwerpe in bepaalde eredienste te maak.

Om onder leiding van ŉ spraakdeskundige ingelei te word in die tegnieke van liturgiese en homiletiese kommunikasie.

*Inhoud*

Die teologie van die erediens in historiese perspektief.

Die basiese beginsels van die liturgie en erediensontwikkeling.

Die uitgangspunte van die prediking as eietydse verkondiging van die Woord van God.

Die preekmaakproses in aansluiting by Ou en Nuwe Testament, en Sistematiese Teologie.

*Uitkomste*

Die ontwikkeling van ŉ teologiese verstaan van die erediens as die hart van die gemeentelike bediening met betrekking tot geloofsvorming en spiritualiteitsintegrasie.

Die ontwikkeling van interpretasie- en kommunikasievaardighede in die eietydse kommunikasie van die Evangelie in gemeentelike verband.

*S Ten minste drie van Praktiese Teologie 212, 222, 234, 244 en 254 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie 212 en 222)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| **324** | **16** | **Geloofsvorming** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om studente toe te rus met kennis en vaardighede om geloofsvormingsprosesse in ŉ ekklesiologiese en gemeenskapskonteks te fasiliteer.

*Inhoud*

Proses van geloofsvorming

Agente van geloofsvorming

Teorieë van geloofsvorming

Maak gebruik van kategese as ŉ geloofsvormingsproses

Familie as agent vir geloofsvorming

Geloofsmentorskap

Christen-praktyke as geloofsvorming

*Uitkomste*

Besit ŉ konseptuele begrip van geloof en geloofsvorming

Demonstreer die vermoë om agente van geloofsvorming te identifiseer en te versterk

Demonstreer die vermoë om onderrig en onderwys as ŉ middel vir geloofsvorming te gebruik

Demonstreer die vermoë om kategese as ŉ geloofsvormingsproses te gebruik

Demonstreer die vermoë om die familie en die gemeenskap as primêre konteks vir

geloofsvorming te versterk

*PP Ten minste drie van Praktiese Teologie 212, 222, 234, 244 en 254 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie 212 en 222)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **332** | **8** | **Pastorale Sorg vir Jeug en hul Families** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Hierdie module is toegespits op refleksie oor familielewe as ŉ integrale aspek van jeugwerk. Dit fokus op die belangrikheid van familie wanneer daar met die jeug in enige konteks gewerk word.

*Inhoud*

Lewensvaardighede in pastorale sorg en voorligting

Groepswerk

Familiesorg en voorligting

Familieverryking

*Uitkomste*

Ontwikkel ŉ goed begronde en geïntegreerde teologie van jeugsorg as familiesorg

Demonstreer koherente en kritiese begrip van basiese lewensvaardighede in sorg en voorligting wat verband hou met huweliksorg, familiesorg

Verstaan die dinamika van groepwerk, met relevansie vir ŉ stelselbenadering tot familiesorg

Demonstreer integrerende kennis van die teologie van familiesorg

Demonstreer vaardighede wat verband hou met die modelle van familiesorg

Pas modelle vir familieverryking (voorkoming) toe terwyl daar met die jeug gewerk word

*S Ten minste drie van Praktiese Teologie 212, 222, 234, 244 en 254 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie 212 en 222)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **344** | **16** | **Teologie en Ontwikkeling** | 2L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Om Ontwikkeling op ŉ teologies-kritiese hermeneutiese wyse aan die student te kommunikeer om sodoende die student in staat te stel om ŉ spiritualiteit en wetenskaplike vermoë te ontwikkel om die hedendaagse vraagstukke waarmee die kerk gekonfronteer word te fasiliteer as veranderingsagente vir ŉ menswaardige bestaan en samelewing volgens koninkrykswaardes.

*Inhoud*

Die beginsels, teorieë en geskiedenis van Ontwikkeling

Teologie van Ontwikkeling

Die bestuur van Ontwikkelingsvraagstukke (projek-en programbestuur)

*Uitkomste*

Christen werkers wat toegerus is

- Met kennis oor die teorieë en praktyke van Ontwikkeling binne die lokale en globale konteks;
- Om teologies te reflekteer oor die christelike lewe binne die samelewing met ŉ etiese bewussyn en morele sensitiwiteit vir sosiale en menslike vraagstukke en menslike nood
- Om as fasiliteerders en veldwerkers in die gemeenskap op te tree met die doel om die morele vesel van die SA-samelewing te help herstel en die gemeenskap te help opbou vir ŉ menswaardige bestaan.
- Om op te tree as voorstanders van mens-gesentreerde deelnemende en geïntegreerde ontwikkeling.
- Om die kerk toe te rus sodat dit kan dien as ŉ effektiewe agent op grond van die koninkrykswaardes vir (gemeenskaps-) ontwikkeling.

*S Ten minste drie van Praktiese Teologie 212, 222, 234, 244 en 254 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie 212 en 222)*

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **352** | **8** | **Jeugkultuur** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Om studente met kennis toe te rus oor die aard en die implikasies van jeugkultuur en ook oor die uitdagings wat dit vir jeugwerk inhou, om sodoende in staat te wees om die Evangelie doeltreffend aan die jeug te kommunikeer

*Inhoud*

Kennis van jeugkultuur
Generasionele teorie
Media, musiek
Jeugkultuur en morele waardes
Jeugkultuur en godsdiens

*Uitkomste*

Beskik oor ŉ konseptuele begrip van kultuur en jeugkultuur
Verstaan hoe die inligtingsera, tegnologie en globalisering jeugkultuur beïnvloed en vorm
Demonstreer die vermoë om die uitdagings en geleenthede wat jeugkultuur vir jeugwerk inhou te identifiseer
Demonstreer die vermoë om jeugkultuur te verstaan en daarmee in gesprek te tree
*S Ten minste drie van Praktiese Teologie 212, 222, 234, 244 en 254 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie 212 en 222)*

| Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **362** | **8** | **MIV en VIGS Pastoraat** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

MIV- en Vigs-berading: teorie en modelle vir sorg en spirituele heling

*Inhoud*

MIV en Vigs. Sorg en berading
Sorg en stigmatisering
MIV-berading: Die dinamiek van openbaarmaking
Film en media in berading en spirituele heling
Skuld en skande in MIV-berading

*Uitkomste*

Demonstreer kennis van die teorie van pastorale berading
Demonstreer kennis van MIV en die pandemie
Verstaan problematiese areas wat verband hou met die MIV-pandemie; diskriminasie, stigmatisering en die krisis van openbaarmaking
Toon die vermoë om berading aan mense te verskaf om met ŉ positiewe gesindheid met MIV te leef
Verstaan die verband tussen lewensorg en spirituele sorg
Demonstreer sensitiwiteit vir die impak van eksistensiële lewenskwessies op die MIV-pandemie
Verstaan die verband tussen MIV en armoede
Demonstreer basiese kennis van narratiewe terapie en storievertelling in pastorale sorg
*S Praktiese Teologie 222*
Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| **378** | **24** | **Diensleer** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Die doel van die module is om studente in staat te stel om teorie en praksis te integreer, om spesifieke vaardighede te ontwikkel, te demonstreer en toe te pas, en om ŉ positiewe lewensoriëntering in hulle persoonlike en professionele optrede te ontwikkel

*Inhoud*

Praktiese werk wat spesifieke uitkomste onder toesig behels
Individuele en groepstoesig
Groepsbesprekings
Werksessies oor spesifieke onderwerpe

*Uitkomste*

Demonstreer vermoë om kennis uit verskeie areas te integreer met mekaar in verband te bring

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Demonstreer vermoë om keuses te maak op grond van beredeneerde argumente<br>Versamel, analiseer, organiseer en evalueer inligting krities<br>Demonstreer die vermoë om in ŉ span, groep en organisasie te werk<br>Demonstreer die vermoë om probleme op te los deur kritiese en kreatiewe denke<br>Demonstreer die vermoë om hulself en hulle aktiwiteite op ŉ verantwoordelike en doeltreffende wyse te organiseer en te bestuur<br>Kommunikeer doeltreffend deur gebruik te maak van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskeie modusse<br>*S Praktiese Teologie 212, 222, 234, 244 en 254 (Vir BTh Algemeen en BDiv: slegs S Praktiese Teologie 212 en 222)*<br>Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE | | | | |
| **414** | **12** | **Pastorale Hulpverlening en Gesprekvoering** | 2L, 1T | **T** |
| *Doelstellings*<br>Die verstaan van die verband tussen die eiesoortigheid van die pastorale teologie en antropologie en die invloed daarvan op ŉ gespreksmodel vir die pastorale bediening. Die ontwikkeling van basiese gespreksvaardighede met die oog op pastorale berading en terapie en ŉ sensitiwiteit vir die vraagstuk van interkulturaliteit in kruiskulturele kommunikasie.<br>*Inhoud*<br>Teologiese basisteorie: wat is pastoraat (*cura animarum*)? Die behandeling van verskillende pastorale metafore ten einde die teologiese aard van sorg, troos en hulpverlening te verstaan.<br>Pastorale antropologie en die verband met ŉ godsdienspsigologie.<br>Diagnostiese kriteria en ŉ fasemodel vir die pastorale gesprek en berading.<br>Pastorale terapie en die rol van die Skrif en gebed.<br>Skuld- en lydingspastoraat.<br>Interkulturaliteit en kruiskulturele kommunikasie binne ŉ Afrikamodel vir pastorale berading.<br>*Uitkomste*<br>Die ontwikkeling van ŉ teologiese verstaan van die pastoraat binne ŉ interdissiplinêre benadering.<br>Die ontwikkeling van gespreksvaardighede met die oog op pastorale berading.<br>Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE | | | | |

| 424 | 12 | **Liturgiese en Homiletiese Kommunikasie van die Evangelie** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om die kommunikasie-uitdagings wat die Suid-Afrikaanse konteks stel, te sien as geleenthede om kreatief en verbeeldingryk die Skrif daarin te interpreteer.

Om verskillende eietydse liturgiese en homiletiese benaderinge krities te evalueer en te implementeer as kommunikasiemoontlikhede en eietydse gestaltegewinge.

Om erediensordes en preke wat in oorgangsituasies ontstaan het, krities te evalueer.

*Inhoud*

Kommunikasie-uitdagings en geleenthede te midde van paradigmaverskuiwings.

Liturgiese variasies in diens van die kommunikasie van die Evangelie.

Homiletiese retoriek, met besondere klem op die narratiewe benadering.

Die inrigting en funksionering van liturgies-homiletiese werkgroepe in gesprek met betrekking tot die Evangelie.

Preekprosesse geëvalueer in samewerking met Ou Testament 414 en Nuwe Testament 414.

*Uitkomste*

Die ontwikkeling van die vaardigheid om tussen verskillende liturgiese en homiletiese style ŉ verantwoorde keuse te maak, met die oog op die mees geslaagde kommunikasie van die Evangelie.

Die ontwikkeling van die vaardigheid om liturgieë en preke te ontwerp, in samewerking met liturgies-homiletiese werkgroepe in die gemeente.

Die ontwikkeling van ŉ teologiese verstaan van die eietydse paradigma-verskuiwings wat die kommunikasie van die Evangelie beïnvloed en nuwe kommunikasiestrategieë vereis.

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| 444 | 12 | **Gemeenskapstudie, Bestuur en Entrepreneurskap** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Die vorming van Christelike leiers en pastorale hulpverleners as entrepreneurs (tentmakers) binne samelewingsverbande met die oog op gemeenskapsbestuur en die ontwikkeling van mensepotensiaal in gemeenskappe wat blootgestel is aan chroniese armoede.

*Inhoud*

Strategies-teologiese beplanning.

Gemeentebestuur en entrepreneurskap (tentmakersbediening).

Gemeenskapsanalise en behoeftebepalings.

Die Christelike leier binne gemeenskapskonteks en maatskaplike dienste.

Die ontwikkeling en bestuur van mensepotensiaal en ander hulpbronne.

*Uitkomste*

Christelike leiers en pastorale hulpverleners wat oor die bestuursvaardighede beskik om op te tree as gemeente- en gemeenskapsontwikkelaars.

*Opmerking*

Hierdie module word aangebied in oorleg met soortgelyke modules in Lettere. Vir dié doel sal studente versoek word om gepaste modules in die program BA in Ontwikkeling en Omgewing asook in Openbare en Ontwikkelingsbestuur en Sosiologie (bv. Armoede en Ontwikkeling 212) te volg soos wat die algemene rooster dit toelaat. Raadpleeg die betrokke departemente in dié verband.

Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **452** | **6** | **Teologie en Gemeenskaps-ontwikkeling II** | 1L, 1T | **T** |

(Daar is met ander dissiplines soos Openbare en Ontwikkelingsbestuur en Sosiologie gekonsulteer met die oog op interdissiplinêre samewerking.)

*Doelstellings*

Om teologiese refleksie te bevorder oor pogings om aan menslike nood in konkrete plaaslike ontwikkelingsituasies uitkomste te verleen.

Om dienooreenkomstig geleenthede te skep vir studente om aktief betrokke te raak by konkrete ontwikkelingswerk.

Om in die verband vas te stel hoe Bybelse norme en perspektiewe die karakter van konkrete ontwikkelingswerk kan beïnvloed of behoort te vorm.

Om verdere duidelikheid te verkry oor teologiese vraagstukke wat verband hou met ontwikkeling.

Om die tema "Kerk in die samelewing" vanuit die teologiese perspektief van kerklike diakonaat *(diakonia)* sistematies en teoreties te ontwikkel.

*Inhoud*

Gemeenskapsontwikkeling en die kerk.

Opleiding in deelnemende leer-en-aksie-navorsing.

Menslike behoefteskaalontwikkeling.

Gemeenskapsontwikkeling in teologiese perspektief.

Gemeenskapsontwikkeling en gemeente-ontwikkeling.

*Uitkomste*

Om teologies oor die kerk in die samelewing te kan besin.

Om ŉ etiese bewussyn en sensitiwiteit vir sosiale en maatskaplike vraagstukke te besit.

Die vaardigheid om as fasiliteerders en veldwerkers binne samelewingsverbande op te tree.

Die besit van kennis oor die teorie en praktyk van Gemeenskapsontwikkeling binne die

verband van gemeentebou.
Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| **12282 PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **112** | **8** | **Inleiding tot Praktiese Teologie en Missiologie** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Om studente te begelei in die verwerwing van kennis, vaardighede en ŉ ingesteldheid om praktiese teologie en missiologie as teologiese dissiplines te verstaan met die oog op voorbereiding vir gemeentelike bediening en diens aan die gemeenskap.

*Inhoud*

Konseptuele raamwerk vir praktiese teologie en missiologie.
Metodologie van praktiese teologie en missiologie.
Basisteorie van die Kerk.
Modelle van kerkwees.
Gemeenskaps- en gemeentelike analise.
Christelike leierskap.

*Uitkomste*

Verwerwing van ŉ konseptuele begrip van praktiese teologie en missiologie.
Ontwikkeling van ŉ basiese begrip vir die metodologie van praktiese teologie en missiologie.
Ontwikkeling van ŉ basisteorie van die Kerk.
Verwerwing van kennis aangaande verskeie kontekstueel-ontwikkelde kerkmodelle.
Die vermoë om ŉ gemeentelike en gemeenskapsanalise te doen.
Aanleer van ŉ basiese begrip van Christelike leierskapsontwikkeling.
Tuisdepartement: PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE

| **50741 SISTEMATIESE TEOLOGIE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **144** | **8** | **Filosofie vir Teoloë** | 1L, 1T | **T** |

*Doelstellings*

Om ŉ inleiding vir studente te verskaf t.o.v. ŉ aantal belangrike filosowe / filosofiese strominge / filosofiese vrae wat van belang is vir teologiese ondersoek.

*Inhoud*

Die eerste deel van die module vra na die nou en komplekse verhouding tussen Filosofie en Teologie. Aandag word gegee aan die manier waarop ŉ filosofiese konsepsuele denkraamwerk vir teologiese ondersoek van waarde kan wees.
Die res van die module bied ŉ inleiding aan studente t.o.v. belangrike filosowe en

filosofiese strominge, met spesifieke aandag aan die invloed op die Teologie en teoloë. In die proses word studente blootgestel aan belangrike debatte in, byvoorbeeld, godsdiensfilosofie, geskiedsfilosofie, hermeneutiek en wetenskapsfilosofie.

*Uitkomste*

Om begrip te ontwikkel vir die nou en komplekse verhouding tussen Teologie en Filosofie.

Om te verstaan hoe ŉ konseptuele filosofiese denkraamwerk van waarde vir teologiese ondersoek is.

Om inleidende kennis van belangrike filosowe/filosofiese strominge te genereer.

Om kennis en vaardighede te ontwikkel aangaande die manier waarop hierdie filosowe en filosofiese strominge die Teologie beïnvloed het, asook hoe teologiese sake sentraal vir sommige filosowe/filosofiese strominge was.

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **212** | **8** | **Godsleer** | 1L, 1P | **T** |

*Doelstellings*

Om verskillende benaderings tot die Godsleer en die leer van die skepping van die mens en voorsienigheid, soos dit in die teologiegeskiedenis en die hedendaagse sistematiese teologie oordink is, bekend te stel en die nodige vaardighede te ontwikkel om krities hieroor te kan besin en ŉ selfstandige standpunt te kan verdedig.

*Inhoud*

Binne die breër Trinitariese raamwerk waarin ook die Christologie en Pneumatologie (met hul verwante temas) elders in die studietrajek aan die orde kom, fokus hierdie module op vrae oor die bestaan, kennis, wese en eienskappe van God, die Drie-eenheid en daardie aspekte van God se betrokkenheid by die werklikheid wat tradisioneel veral, dog nie uitsluitlik nie, met God as "Vader" oftewel die "eerste Persoon van die Drie-eenheid" verbind word, te wete die skepping, spesifiek ook die mens as geskapene en sondaar, en die voorsienigheid, soos dit in die loop van die teologiegeskiedenis en in die hedendaagse sistematiese teologie aan die orde gestel is en word. Veranderings en meningsverskille in die nadenke hieroor word uitgelig om duidelik te maak dat daar nooit net een manier was, en tans ook nie slegs een manier is, om hierdie sake te verstaan nie. Juis daarom val die klem verder ook op die ontwikkeling en gebruik van hermeneutiese en ander denkvaardighede om die verskillende sienswyses krities te kan beoordeel en ŉ eie standpunt te kan verdedig. Deel hiervan is om die belang van konteks en die etiese en eksistensiële implikasies van verskillende sienswyses raak te sien, en om studente bewus te maak van kritiese vrae uit nie-teologiese en nie-Christelike perspektiewe.

*Uitkomste*

ŉ Breë kennis van die historiese ontwikkeling van die Godsleer en die leer van die skepping, mens en voorsienigheid te gee.

ŉ Begrip van die verskillende sistematies-teologiese standpunte oor die wese en

eienskappe van God, die skepping, die mens en voorsienigheid.

Verbande te lê tussen die verskillende teologiese standpunte en die konteks waarin hulle geformuleer en beoordeel word – met inbegrip van hedendaagse Afrikakontekste.

ʼn Aantal filosofiese en wetenskaplike vrae wat met betrekking tot die betrokke leerstukke opduik, uiteen te sit en te beredeneer.

ʼn Eie verstaan van die leerstukke helder en sistematies te formuleer en argumentatief te verdedig.

Etiese en eksistensiële gevolge van dié verstaan van die leerstukke uit te wys.

*S Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114 en Sistematiese Teologie 144 (Vir BTh Jeugwerk: slegs S Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114)*

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **245** | **8** | **Christologie** | 1L, 1P | **T** |

*Doelstellings*

Om studente in te lei in, en krities te help besin oor, verskillende maniere waarop, in die Christelike tradisie, oor die persoon en werk van Christus nagedink is en kan word.

*Inhoud*

Naas agtergrond oor Bybelse oorspronge en historiese ontwikkelings van die Christologie, word belangrike onderwerpe wat in dié deel van die teologie behandel word, uitgelig. Belangrike temas is die menslikheid en Goddelikheid van Christus, sy lewe, dood, opstanding en verheerliking, en sy verlossings- en versoeningswerk. Verskillende benaderings tot, en kritiese vrae oor, dié temas – ook in die hedendaagse tyd en konteks – word behandel.

*Uitkomste*

Ná voltooiing van die module sal studente in staat wees om:

- ʼn oorsig oor die historiese ontwikkeling van die Christologie te gee;
- verskillende sienings oor die persoon en werk van Christus te vergelyk en te beoordeel;
- verbande te lê tussen standpunte en kontekste – ook die hedendaagse Afrika-konteks;
- filosofiese en wetenskaplike vrae wat oor die leerstukke opduik krities uiteen te sit;
- ʼn eie verstaan van die leerstukke te formuleer en argumentatief te verdedig; en
- etiese en eksistensiële gevolge van dié verstaan van die leerstukke uit te wys.

*S Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114 en Sistematiese Teologie 144 (Vir BTh Jeugwerk: slegs S Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114)*

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| 253 | 8 | **Menswaardigheid** | 1L, 1P | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Menswaardigheid as ŉ etiese kwessie is van kernbelang vir die kerk, akademie en samelewing. Daarom fokus hierdie module op die betekenis van menswaardigheid en die uitdagings daaraan verbonde, met verwysing na politieke, seksuele en bio-etiek.

*Inhoud*

Politieke etiek: ras en identiteit, menseregte en die opbou van ŉ menseregtekultuur, en geweld en oorlog.

Seksuele etiek: menslike seksualiteit in die hedendaagse samelewing, die huwelik en gesin, egskeiding en hertroue, homoseksualiteit en ander tersaaklike kwessies rakende seksualiteit.

Bio-etiek: menslike lewe in die hedendaagse samelewing, aborsie, genadedood, MIV/vigs, die stigmatisering van lewe, en ander tersaaklike mediese kwessies.

Die hele module beklemtoon dat menswaardigheid ŉ etiese aangeleentheid is deur in gesprek te tree met die insigte vanuit die Bybel, die tradisie, die rede en ondervinding.

*Uitkomste*

Verstaan die betekenis van menswaardigheid as ŉ teologies-etiese aangeleentheid binne die politieke, seksuele en mediese konteks.

Omskryf, herken en lewer kritiek op tersaaklike argumente van ŉ etiese aard in die politieke, seksuele en mediese sfeer.

Pas Christelike teologiese hulpbronne en insigte toe op verskeie uitdagings vir menswaardigheid.

Bied denkleiding in die kerk en openbare sfeer ter bevordering van verantwoordelike morele vorming ter wille van groter menslikheid op politieke, seksuele en mediese gebied.

*S Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114 en Sistematiese Teologie 144 (Vir BTh Jeugwerk: slegs S Sistematiese Teologie en Ekklesiologie 114)*

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| 312 | 8 | **Publieke Teologie** | 1L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Die vraag van publieke moraliteit is ŉ belangrike vraag vir kerk en publieke lewe. Hierdie module verken verskeie etiese uitdagings in publieke lewe en die werklike en potensiële rol en impak van die Christen-geloof vir die algemene welsyn.

*Inhoud*

Die eerste deel van die module verskaf ŉ oriëntering en bekendstelling aan Christen-geloof en publieke lewe. Spesiale aandag word aan die veelsinnige rolle van die kerk en teologie gedurende beide apartheid en demokratiese Suid-Afrika gegee. Die tweede deel van die module fokus spesifiek op ekonomiese etiek as ŉ kritiese aspek van teologiese

etiek en publieke lewe. Spesiale oorweging word gewy aan temas soos die Suid-Afrikaanse ekonomie, globalisering, klimaatsveranderinge, korporatiewe sosiale verantwoordelikheid, werk en arbeid, en publieke verantwoordelikheid.

*Uitkomste*

Na afhandeling van die module sal die student in staat wees om…

- Die betekenis, aard, metodologie en kwessies van publieke teologie en die kritiese rol daarvan in publieke lewe te verstaan
- Relevante argumente van ŉ etiese aard in die publieke sfeer te erken en te beoordeel
- Christen- teologiese hulpbronne en insigte op verskeie uitdagings wat verband hou met publieke moraliteit toe te pas
- Verskaf denkleierskap in kerk en publieke lewe, met die oog op verantwoordelike morele vorming vir ŉ meer welwillende publieke lewe

*S Sistematiese Teologie 212, 245 en 253 (Vir BTh Jeugwerk: slegs S Sistematiese Teologie 245 en 253)*

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| **322** | **8** | **Pneumatologie en Ekklesiologie** | 1L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om verskillende benaderings tot die leer van die persoon en werk van die Heilige Gees, en van die kerk, soos dit in die teologiegeskiedenis en die hedendaagse sistematiese teologie oordink is bekend te stel en die nodige vaardighede te ontwikkel om krities hieroor te kan besin en ŉ selfstandige standpunt te kan verdedig

*Inhoud*

Binne die breër Trinitariese raamwerk fokus hierdie module op vrae oor die persoon en werk van die Heilige Gees, die Drie-eenheid uit Pneumatologiese perspektief en daardie aspekte van God se betrokkenheid by die werklikheid wat tradisioneel veral, dog nie uitsluitlik nie, met God as “Gees” of “derde Persoon van die Drie-eenheid" verbind word, met name die ontstaan en voortgang van die kerk, soos dit in die loop van die teologiegeskiedenis en in die hedendaagse sistamatiese teologie aan die orde gestel is en word.

*Uitkomste*

- ŉ oorsig oor die historiese ontwikkeling van die Pneumatologie en ekklesiologie te gee;
- verskillende sistematies-teologiese standpunte oor die persoon en werk van die Heilige Gees en die wese en kenmerke van die kerk te beskryf, vergelyk en beoordeel;
- verbande te lê tussen die verskillende teologiese standpunte en die konteks waarin hulle geformuleer en beoordeel word – met inbegrip van hedendaagse

Afrikakontekste;

- ʼn aantal filosofiese en wetenskaplike vrae wat met betrekking tot die betrokke leerstukke opduik, uiteen te sit en beredeneer;
- ʼn eie verstaan van die leerstukke helder en sistematies te formuleer en argumentatief te verdedig; en
- etiese en eksistensiële gevolge van dié verstaan van die leerstukke uit te wys.

*S Sistematiese Teologie 212, 245 en 253 (Vir BTh Jeugwerk: slegs S Sistematiese Teologie 245 en 253*

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| **342** | **8** | **Kerkleer en Sakramente** | 1L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om verskillende benaderings tot die leerstukke van die sakramente en die eskaton of voleinding, soos dit in die teologiegeskiedenis en die hedendaagse sistematiese teologie oordink is bekend te stel en die nodige vaardighede te ontwikkel om krities hieroor te kan besin en ʼn selfstandige standpunt te kan verdedig.

*Inhoud*

Binne die breër Trinitariese raamwerk fokus hierdie module op vrae oor die sakramente en die eskaton of voleinding wat tradisioneel met God as "Gees" of "derde Persoon van die Drie-eenheid" verbind word, soos dit in die loop van die teologiegeskiedenis en in die hedendaagse sistamatiese teologie aan die orde gestel is en word.

*Uitkomste*

- ʼn oorsig oor die historiese ontwikkeling van die sakramentologie en eskatologie te gee;
- verskillende sistematies-teologiese standpunte oor die sakramente en die eskaton ("laaste dinge" of voleinding) te beskryf, vergelyk en beoordeel;
- verbande te lê tussen die verskillende teologiese standpunte en die konteks waarin hulle geformuleer en beoordeel word – met inbegrip van hedendaagse Afrikakontekste;
- ʼn aantal filosofiese en wetenskaplike vrae wat met betrekking tot die betrokke leerstukke opduik, uiteen te sit en beredeneer;
- ʼn eie verstaan van die leerstukke helder en sistematies te formuleer en argumentatief te verdedig; en
- etiese en eksistensiële gevolge van dié verstaan van die leerstukke uit te wys

*S Sistematiese Teologie 212, 245 en 253 (Vir BTh Jeugwerk: slegs S Sistematiese Teologie 245 en 253)*

Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

| 422 | 6 | **Kontemporêre Teologie** | 2L | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om geselekteerde kontemporêre vraagstukke, figure en ontwikkelinge in die Christelike teologie te bestudeer en krities te beoordeel.

*Inhoud*

Die individuele bestudering en kritiese groepbespreking van geselekteerde bronne rakende kontemporêre teologiese vraagstukke, figure en ontwikkelinge.

*Uitkomste*

Die verwerwing van basiese kennis aangaande kontemporêre vraagstukke, figure en ontwikkelinge in die teologie.
Die ontwikkeling van kritiese vaardighede ten opsigte van kontemporêre teologie.
Die vorming van eie konstruktiewe standpunte ten opsigte van vraagstukke binne kontemporêre teologie.
Die oefening in die vaardigheid om eie standpunte oor kontemporêre teologiese kwessies te formuleer en motiveer.
Die bevordering van geïntegreerde teologiese kompetensie.
Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE

**12283 SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE**

| 114 | 16 | **Inleiding tot Sistematiese Teologie en Ekklesiologie** | 2L, 1T | **T** |
|---|---|---|---|---|

*Doelstellings*

Om studente in te lei in die dissipline teologie, en meer spesifiek t.o.v. die onderskeie dissiplines binne sistematiese teologie en ekklesiologie.

*Inhoud*

Die eerste deel van die module fokus op vrae soos die volgende: Wat is teologie? Wat is die bronne vir teologie? Waar word teologie beoefen? Wat is die impak van ons konteks op ons teologisering? Waarom is die geskiedenis van teologie belangrik? Hoe hou teologie verband met geloof, die kerk en die publieke lewe?
Na hierdie breë inleidende oriëntering handel die res van die module oor die vrae, inhoud en metodologieë wat met die onderskeie dissiplines van sistematiese teologie, teologiese etiek, kerkgeskiedenis en kerkreg verband hou.

*Uitkomste*

Om op kompetente wyse met vrae om te gaan soos die volgende: Wat is teologie? Wat is die bronne vir teologie? Waar word teologie beoefen? Wat is die impak van ons konteks op ons teologisering? Waarom is die geskiedenis van teologie belangrik? Hoe hou teologie verband met geloof, die kerk en die publieke lewe?

| |
|---|
| Om ŉ basiese kennis te hê van die vrae, inhoud en metodologieë van die onderskeie dissiplines wat in die dissiplinegroep van sistematiese teologie en ekklesiologie aangebied word (te wete sistematiese teologie, teologiese etiek, kerkgeskiedenis en kerkreg).<br>Om studente hulleself te laat oriënteer t.o.v. die wyse waarop hierdie dissiplines in die breër teologiese ensiklopedie inpas.<br>Tuisdepartement: SISTEMATIESE TEOLOGIE EN EKKLESIOLOGIE |

| **53848 BYBELSE HEBREEUS** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **178** | **24** | **Inleiding tot Bybelse Hebreeus** | 3L, 1P, 1T | **T** |
| Basiese eienskappe van Bybelse Hebreeuse morfologie, sintaksis en (grammatikale) semantiek.<br>ŉ Basiese woordeskat in kultuurverband.<br>Die wêreld van die Hebreeuse Bybel en die wêreldbeeld van sy mense.<br>Vertaling en analise van eenvoudige Bybelse Hebreeuse tekste.<br>Tuisdepartement: ANTIEKE STUDIE | | | | |
| **214** | **16** | **Voortgesette Bybelse Hebreeuse Taal- en Teksstudie** | 3L, 1P, 1T | **T** |
| Intermediêre Hebreeuse grammatika.<br>Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.<br>Literêre en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.<br>Kritiese vergelyking van vertalings.<br>Tekskritiek.<br>*S Bybelse Hebreeus 178*<br>Tuisdepartement: ANTIEKE STUDIE | | | | |
| **244** | **16** | **Voortgesette Bybbelse Hebreeuse Taal- en Tekstudie** | 3L, 1P, 1T | **T** |
| Voortgesette intermediêre Hebreeuse grammatika.<br>Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.<br>Literêre en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.<br>Kritiese vergelyking van vertalings.<br>Geskiedenis van Bybelvertaling.<br>*S Bybelse Hebreeus 214*<br>Tuisdepartement: ANTIEKE STUDIE | | | | |

| **14109 GRIEKS** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **178** | **24** | **Inleiding tot Antieke Griekse Grammatika en Vertaling** | 3L, 1P, 1T | **T** |
| Elementêre vorm- en sinsleer van antieke Grieks<br>ŉ Woordeskat van ongeveer 300 woorde<br>Vertaling, met elementêre grammatikale kommentaar, van enkele hoofstukke uit ŉ Evangelie of ŉ ander eenvoudige antieke skrywer<br>Inleiding tot die gebruik van elektroniese hulpmiddels en biblioteke<br>Kultuurhistoriese oorsig van die antieke wêreld<br>Tuisdepartement: ANTIEKE STUDIE | | | | |
| **214** | **16** | **Voortgesette Antieke Griekse Taal- en Teksstudie** | 3L, 1P, 1T | **T** |
| Intermediêre Griekse grammatika.<br>Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.<br>Problematiek van vertaling.<br>Literêre en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.<br>*S Grieks 178*<br>Tuisdepartement: ANTIEKE STUDIE | | | | |
| **244** | **16** | **Voortgesette Antieke Griekse Taal- en Teksstudie** | 3L, 1P, 1T | **T** |
| Voortgesette intermediêre Griekse grammatika.<br>Taal, vorm en struktuur van geselekteerde tekste.<br>Kritiese vergelyking van vertalings.<br>Literêre- en kultuurhistoriese agtergrond van die betrokke tekste.<br>*S Grieks 214*<br>Tuisdepartement: ANTIEKE STUDIE | | | | |

| **53899 INLIGTINGSVAARDIGHEDE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **172** | **6** | **Informasie- en Rekenaarkompetensie** | 1L, 1P | **A & E** |
| Studie van en inoefening in informasiegebruik, die WWW en geselekteerde sagteware-programme op die gebiede van woordverwerking, aanbiedings, databasisse en sigblaaie in soverre dit vir kommunikasie- en informasiedoeleindes in die geesteswetenskappe noodsaaklik is.<br>Word deurlopend geassesseer.<br>Tuisdepartement: INLIGTINGWETENSKAP<br>Prestasiepuntformule: Die klaspunt geld as prestasiepunt. | | | | |

| 18414 SIELKUNDE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **114** | **12** | **Sielkunde as Wetenskap** | 2L, 1T | **T** |
| Hierdie module bied ŉ breë oorsig van die sielkunde as ŉ wetenskap en ŉ professie, met spesifieke klem op sielkundige kwessies wat pertinent is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Sielkunde word geposisioneer by die sameloop van ŉ aantal tradisies van navorsing en praktyk, insluitende biologiese, filosofiese en pragmatiese tradisies. Hierdie inleidende module verskaf aan studente ŉ basis vanwaar verdere studie van die dissipline benader kan word.<br>Tuisdepartement: SIELKUNDE | | | | |
| **144** | **12** | **Sielkunde in Konteks** | 2L, 1T | **T** |
| In hierdie module word die basiese beginsels in Sielkunde toegepas ten einde die persoon in konteks te verstaan, met spesifieke verwysing na kern- sosiale kwessies en uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing.<br>Tuisdepartement: SIELKUNDE | | | | |
| **213** | **8** | **Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon** | 1.5L | **T** |
| In hierdie module word sielkundige teorieë oor en beskouings van die persoon aangespreek, met verwysing na belangrike hedendaagse benaderings. Van hierdie teorieë kan sistemiese, psigodinamiese, gedrags-, kognitiewe en eksistensiële komponente insluit, met inagneming van die toepaslikheid van sielkundige teorieë vir kontekste in Afrika.<br>*S Sielkunde 114, 144*<br>Tuisdepartement: SIELKUNDE | | | | |
| **223** | **8** | **Menslike Ontwikkeling in Konteks** | 1.5L | **T** |
| In hierdie module word menslike ontwikkeling bestudeer, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks.<br>*S Sielkunde 114, 144*<br>Tuisdepartement: SIELKUNDE | | | | |

| 19003 SOSIOLOGIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **144** | **12** | **Sosiale kwessies in Suid-Afrika** | 3L | **T** |
| ŉ Seleksie van sosiale vraagstukke wat die kompleksiteit van die eietydse Suid-Afrikaanse samelewing reflekteer. Voorbeelde van temas sluit in: sosiale verandering; armoede en ontwikkeling; sosiale instellings soos die gesin, onderwys en religie; misdaad en sekuriteit; gesondheid, die liggaam en MIV/VIGS; politieke en ekonomiese verhoudings.<br>Tuisdepartement: SOSIOLOGIE EN SOSIALE ANTROPOLOGIE | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **212** | **8** | **Armoede, Ongelykheid en Ontwikkeling** | 1.5L, 0.5T | **T** |
| Debatte oor die oorsake en betekenis van armoede, ongelykheid en ontwikkeling; kritiese denke oor onderontwikkeling en 'volhoubare ontwikkeling'; ontwikkelingsinisiatiewe in Suid-Afrika vandag.<br>Tuisdepartement: SOSIOLOGIE EN SOSIALE ANTROPOLOGIE | | | | |
| **364** | **12** | **Sosiale Navorsing** | 2L, 1P | **T** |
| Metodologiese perpektiewe op sosiale navorsing; navorsingsproses: teorie en navorsing; navorsingsontwerpe: kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings; navorsingsprosedures en –tegnieke; interpretasie en aanbieding van gegewens.<br>ʼn Stelsel van deurlopende assessering word in module 364 (Sosiale Navorsing) gebruik.<br>Tuisdepartement: SOSIOLOGIE EN SOSIALE ANTROPOLOGIE<br>Prestasiepuntformule: Studente word aan die begin van die module skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering. | | | | |

# NAVORSINGS- EN DIENSINSTANSIES

## BEYERS NAUDÉ-SENTRUM VIR PUBLIEKE TEOLOGIE

Die Sentrum is ŉ navorsings- en diensinstansie van die Universiteit Stellenbosch wat in die dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie setel en aan die Fakulteitsraad rapporteer. Die Sentrum is feitlik heeltemal van sogenaamde derdestroomfondse afhanklik.

### Visie

Om deur navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie kundigheid oor die rol, taak en verantwoordelikheid van Teologie in die openbare arena te bevorder.

### Doelstellings

- Om, in samewerking met plaaslike en internasionale kundiges, navorsing te onderneem oor aspekte van Publieke Teologie. Huidige navorsingstemas is menseregte, menswaardigheid in die konteks van globalisering, morele transformasie, geloof en identiteit, vrede en geregtigheid, Christenskap en burgerlike samelewing.
- Om die resultate van navorsing deur middel van nasionale en internasionale publikasies en deur die aanbieding van kongresse, simposia, openbare lesings en werkwinkels bekend te stel.
- Om bydraes vir publikasies wat in ŉ bepaalde verband tot die Fakulteit Teologie staan, te help genereer.
- Om op ŉ kontrakbasis navorsing te doen en advies te verskaf.
- Om samewerking tussen die Fakulteit Teologie en die breër kerklike gemeenskappe, die ekumeniese bewegings, nasionale en internasionale navorsings- en diensinstellings, asook die openbare en die privaat sektore, te bevorder.
- Om opleiding in die vorm van kortkursusse, seminare en soortgelyke inisiatiewe aan te bied.

### Navrae:

Die Direkteur: Prof Nico Koopman

Tel.: (021) 808 3250

Faks: (021) 808 3251

E-pos: bns@sun.ac.za

## EKKLESIA

Ekklesia funksioneer as ŉ buro van die Fakulteit Teologie. Die bedryfskoste word in ŉ groot mate geborg deur die Kuratorium van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, wat op hul beurt staatmaak op donasies van welwillende instansies en lidmate.

Ekklesia stel hom ten doel –

1. om op ŉ deurlopende grondslag navorsing te onderneem oor:

1.1 die taak en die bediening van die kerk en die eise wat dit stel ten opsigte van die teologiese en voortgesette teologiese opleiding van predikante in die bediening,

1.2 kurrikulumontwikkeling met die oog op die doeltreffende voortgesette opleiding van predikante;

2. om hulp te verleen aan nagraadse navorsingsprojekte met ŉ bedieningsgerigtheid binne die Fakulteit Teologie en om op nasionale en internasionale gebied mee te werk aan ander navorsingsprogramme in breë verband;

3. om met die oog op voortgesette teologiese opleiding –

3.1 fasiliteite te skep vir en predikante te motiveer tot ŉ volgehoue studie na voltooiing van hul formele teologiese opleiding, en

3.2 gereeld kursusse en opleidingsprogramme aan te bied vir predikante in die bediening en vir ander persone wat by die kerklike bediening betrokke is.

Nadere inligting kan verkry word by:

Die Direkteur, Ekklesia, Dorpstraat 171, STELLENBOSCH 7600

Tel.: (021) 808 3382

## EENHEID VIR GODSDIENS- EN ONTWIKKELINGSNAVORSING (EGON)

Die Eenheid is, sedert begin 2002, ŉ selfstandige entiteit binne die struktuur van die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie in die Fakulteit Teologie.

### Visie

Om deur navorsing, teorievorming en opleiding geloofsgemeenskappe te bemagtig vir volhoubare ontwikkeling.

### Doelstellings

Die Eenheid het ten doel om:

1. Primêr en sekondêr godsdiens-demografiese navorsing te doen wat verband hou met die ontwikkelingsprofiel en -behoeftes van plaaslike gemeenskappe.

2. Toepaslike teorievorming te ontwikkel met die oog op – die interpretasie van die godsdiens-demografiese navorsing; en – die mobilisering van geloofsgemeenskappe vir volhoubare gemeenskapsontwikkeling.
3. ŉ Opleidingsfasiliteit en navorsingsruimte aan nagraadse studente (magister en doktoraal) te bied in die vakgebied van Teologie en Ontwikkeling en ander dissiplines in die sosiale wetenskappe.
4. Professionele navorsings- en opleidingsdienste aan gemeenskappe te lewer.
5. Navorsingsresultate te kommunikeer deur wetenskaplike en populêre publikasies.

### Navrae:

Tel.: (021) 808 3577

Faks: (021) 808 3251

E-pos: urdr@sun.ac.za

Web: http://www.sun.ac.za/theology/urdr.htm

## SENTRUM VIR BYBELINTERPRETASIE EN -VERTALING IN AFRIKA (SEBIVA)

### Fokus

Die Sentrum is ŉ interdissiplinêre navorsings- en diensinrigting van die Universiteit van Stellenbosch wat binne die Departement Antieke Studie en die dissiplinegroep Ou en Nuwe Testament gesetel is en aan die Fakulteitsrade Lettere en Sosiale Wetenskappe en Teologie rapporteer. Die missie van die Sentrum is om deur navorsing en fasilitering akademiese kundigheid op die terrein van Bybelinterpretasie en -vertaling te koördineer en te bevorder ten einde ŉ diens te lewer aan Bybelinterpretasie, Bybelvertaling en die resepsie van die Bybel in die algemeen, en op die kontinent van Afrika in die besonder.

### Doelstellings

Om, in samewerking met kundiges binne en buite die Universiteit, op ŉ projekbasis navorsing te onderneem oor tersaaklike aspekte van Bybelinterpretasie, Bybelvertaling en die resepsie van die Bybel.

Om, deur gereelde skakeling met alle partye wat betrokke is by die interpretasie, vertaling of resepsie van die Bybel (bv. Bybelvertaalagentskappe, opleidingsinrigtings, ens.) in Afrika, inligting in te win oor behoeftes aan navorsing en praktiese hulp, sodat die navorsing en ander projekte wat onderneem word, nie slegs teoreties nie, maar ook praktykgerig sal wees.

Om die resultate van navorsing deur middel van nasionale en internasionale akademiese publikasies, die aanbieding van simposia, werkswinkels en/of kongresse bekend te stel en

om getoetste bevindinge via meer populêre geskrifte aan belangegroepe en die geïnteresseerde publiek beskikbaar te stel.

Om, in samewerking met instansies wat in beheer is van Bybelvertaling in Afrika en verbandhoudende departemente aan die US en ander opleidingsinrigtings, ʼn raamwerk daar te stel vir die toerusting en opleiding van Bybelvertalers en die begeleiding van navorsers oor Bybelvertaling.

Om, in samewerking met bestaande nasionale en internasionale informasie-onttrekkingsprogramme, toeganklike gerekenariseerde inligtingsbanke oor die gebied van Bybelinterpretasie, -vertaling en resepsie in Afrika saam te stel en deurlopend in stand te hou.

Om, soos en wanneer daartoe versoek, tersaaklike uitleggers, vertalers of gebruikers van die Bybel van advies te voorsien.

Om op ʼn projekbasis praktiese vertaling te doen en/of hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel of Bybelgedeeltes vir spesifieke leesgroepe en doeleindes saam te stel.

## Navrae:

Die Direkteur: Prof Christo van der Merwe

Tel.: (021) 808 3655

Faks: (021) 808 3480

E-pos: cvdm@sun.ac.za